1. Die geleidelike oplewing in ekonomiese bedrywigheid wat vroeg in die vierde kwartaal van 1972 begin het, het gedurende 1973 voortgeduur en gedurende die tweede kwartaal van 1973 meer stukrag gekry, soos blyk uit die hoër koerse van toename in bruto binnelandse besteding en die bruto binnelandse produk teen sowel konstante as heersende markpryse. Soos gedurende die eerste kwartaal, het die kwartaallikse ramings van die komponente van die totale binnelandse besteding egter uiteenlopende neigings getoon. In die besonder het die bruto binnelandse vaste investering wat gedurende die eerste kwartaal van 1973 slegs effens bo die hoë peil daarvan in die vierde kwartaal van 1972 gestyg het, gedurende die tweede kwartaal van die jaar betreklik aansienlik afgeneem. Dit wil derhalwe voorkom asof die onlangse neiging van die vaste kapitaalbesteding, in die besonder van die vaste investering deur die private fabriekswese, tydens 'n opswaai in die totale binnelandse vraag, die bestaan bevestig van surplus kapasiteit en van 'n aansienlike sloering tussen veranderings in hierdie soort besteding en voorafgaande veranderings in die koers van toename in die ekonomiese bedrywigheid soos wat dit deur draaipunte in die algemene konjunktuursiklus aangedui word.

2. Die vinniger toename in die totale bruto binnelandse besteding as in die bruto nasionale produk gedurende die tweede kwartaal van 1973 het ook bygedra tot 'n vermindering van die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van meer as R500 miljoen gedurende die eerste kwartaal tot meer as R300 miljoen gedurende die tweede kwartaal. As die klein netto uitvloeiing van kapitaal in aanmerking geneem word, het die werklike totale betalingsbalansoorskot gedurende die tweede kwartaal van 1973 R100 miljoen bedra, teenoor R153 miljoen gedurende die eerste kwartaal van die jaar.

3. 'n Verblydende ontwikkeling is die aanmerklike verlangsaming in die koers van toename in verbruikers- en groothandelspryse vanaf ongeveer April tot Julie 1973. Die verdere vermindering van die verkoopreg wat op 22 Augustus 1973 deur die Minister van Finansies aangekondig is, sal hopelik hierdie neiging tot 'n afname versterk.

4. Die toestand in die geld- en kapitaalmarkte het gedurende die grootste gedeelte van die tydperk onder bespreking verder verruim. Sowel die hoeveelheid geld en kwasi-geld as bankkrediet aan die private sektor het voortgegaan om teen baie hoë koerse te styg en rentekoerse het op betreklik lae paile gebly. Meer onlangs het toestande op die geldmark vernou en het korttermynrentekoerse gestyg.

Nasionale rekeninge

Gedurende die tweede kwartaal van 1973 het die koers van toename in die bruto binnelandse produk teen heersende markpryse vir die derde agtereenvolgende kwartaal verder versnel. Alhoewel prysstygings natuurlik weer eens vir 'n aansienlike deel van hierdie hoër groeikoers verantwoordelik was, toon ramings van die binnelandse produk teen konstante pryse dat die fisiese volume van goedere en dienste wat in die ekonomie geproduseer is, ook teen hoër koerse toegeneem het, veral gedurende die eerste twee kwartale van 1973. Gedurende die tweede kwartaal van 1973 was hierdie hoër peil van reële

Bruto binnelandse produk

ekonomiese bedrywigheid die duidelikste waarneembaar in die sektore nie-goudmynbou, die fabriekswese en die handel.

Gedurende sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1973 was die hoër groeikoers van die bruto binnelandse produk 'n weerspieëling van opmerklike hoër groeikoerse in die vergoeding van werknemers sowel as in die bruto bedryfsurplusse van sake-ondernemings. Gedurende die tweede kwartaal van 1973 is eersgenoemde hoofsaaklik veroorsaak deur hoër salarisse en lone wat vanaf 1 April 1973 aan staatsamptenare betaal is. Betekenisvolle toenames in die vergoeding van werknemers is egter ook in die goudmynbou- en die fabriekswesesektor aangeteken. Soos gedurende die eerste kwartaal van 1973, is die belangrikste bydraes tot die hoër koers van toename in die bruto bedryfsurplusse van sake-ondernemings gedurende die tweede kwartaal gemaak deur die sektore goudmynbou, die fabriekswese en die handel.

Die bruto binnelandse besteding teen heersende markpryse het gedurende die tweede kwartaal van 1973 duidelik gestyg nadat dit gedurende die eerste kwartaal van die jaar slegs matig toegeneem het. Betreklik skerp toenames in die lopende besteding aan goedere en dienste deur die algemene owerheid gedurende die tweede kwartaal was grotendeels 'n weerspieëling van die hoër salarisse en lone wat aan staatsamptenare betaal is, waarna reeds verwys is. Hierbenewens het die algemene opwaartse aanpassings van salarisse en lone in baie sektore van die ekonomie gedurende die eerste helfte van die jaar bygedra tot 'n betreklik hoë groeikoers in die private verbruiksbesteding. Alhoewel dit gedeeltelik aan die styging in verbruikerspryse toegeskryf kon word, is betekenisvolle volumestygings aangeteken in die besteding aan motors, meubels en huishoudelike toebehore, en klerasie en skoesel, dit wil sê aan duursame en semi-duursame goedere.

Private verbruiksbesteding teen konstante 1963-pryse



In teenstelling met die vinniger toenames in verbruiksbesteding deur die private en owerheidsektore, het die bruto binnelandse vaste investering gedurende die tweede kwartaal van 1973 'n betreklik aansienlike daling getoon, nadat dit gedurende die eerste kwartaal slegs effens bo die hoë vlak wat gedurende die vierde kwartaal van 1972 aangeteken is, gestyg het. Verbruiksbesteding het gevolglik nog die komponent van die binnelandse vraag gebly wat die meeste tot die verhoogde groeikoers van die ekonomie bygedra het. Die algemene afwaartse neiging van die vaste kapitaalbesteding kon sowel in die private sektor as onder openbare owerhede opgemerk word; kapitaaluitgawes deur openbare korporasies (hoofsaaklik Yskor) het egter gedurende die tweede kwartaal van die jaar verder toegeneem. Die afname in die totale bruto binnelandse vaste investering was hoofsaaklik die gevolg van afnames in die uitgawes aan masjinerie en toerusting deur die sektore landbou, die private fabriekswese en die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Kapitaalbesteding aan geboue en konstruksiewerke het min verandering getoon.

Voorraadinvestering het gedurende die tweede kwartaal van 1973 'n klein positiewe syfer getoon nadat gedurende die vyf voorafgaande kwartale negatiewe veranderings aangeteken is. Hierdie ontwikkeling was grotendeels 'n weerspieëling van veranderings in handels- en nywerheidsvoorrade wat gedurende die tweede kwartaal van 1973 gestyg het nadat dit gedurende die hele jaar 1972 en die eerste kwartaal van 1973 gedaal het. Die betreklik matige toevoegings tot hierdie voorrade was egter onvoldoende om 'n verdere daling in die verhouding van totale nie-landbouvoorrade tot die vergelykbare bruto binnelandse produk te voorkom. Hierdie verhouding het gedurende die tweede kwartaal van 1973 ongeveer 31 persent beloop, teenoor 32 persent gedurende die eerste kwartaal.

Die bruto binnelandse besparing het gedurende die tweede kwartaal van 1973 effens afgeneem nadat dit gedurende die voorafgaande twee kwartale skerp tot nuwe rekordhoogtes gestyg het. Gedeeltelik as gevolg van die afname in die investeringsvraag, het die bruto binnelandse besparing egter voortgegaan om die bedrag wat vir die finansiering van die binnelandse investering nodig was, te oorskry. Gedurende die

Totale voorrade uitgesonderd landbouvoorrade



Fisiese volume van produksie



eerste helfte van 1973 het die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk gemiddeld 26 persent beloop. Dit kan vergelyk word met 'n verhouding van 21 persent gedurende die eerste twee kwartale van 1971, dit wil sê voor die begin van die skerp toename in die binnelandse besparing wat gedurende die tweede helfte van 1971 en die grootste gedeelte van 1972 voorgekom het.

Algemene ekonomiese aanwysers

Meer onlangse gegewens met betrekking tot 'n verskeidenheid ekonomiese aanwysers toon ook dat die geleidelike versnelling van bedrywigheid in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding wat vanaf die vierde kwartaal van 1972 waargeneem is, gedurende die tweede kwartaal van 1973 verdere stukrag gekry het. Belangrike bydraes tot die verhoogde peil van bedrywigheid gedurende hierdie kwartaal is deur die fabriekswese, nie-goudmynbouproduksie en sekere afdelings van die handel gelewer.

Die styging in die fisiese volume van fabrieksproduksie, wat in die eerste kwartaal van 1973 in vergelyking met die eerste kwartaal van 1972 5,0 persent bedra het, het in die tweede kwartaal van 1973, in vergelyking met dieselfde tydperk van die voorafgaande jaar tot 8,6 persent toegeneem. Hierdie oplewing in fabrieksproduksie kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die hoër produksievolume van vervoertoerusting, basiese metale en metaalprodukte, chemikalieë en chemiese produkte, en nie-metaalhoudende mineraalprodukte. Die verskuiwing na hoër peile van produksie het verder ook met 'n toename in die benutting van produksiekapasiteit, verhoogde produksie per man-uur en 'n skerp styging in die waarde van onvoltooide bestellings in sowel duursame en nie-duursame goedere-nywerhede, gepaard gegaan. Verdere stygings in die koers van toename van die fabrieksproduksie in die nabye toekoms sal egter moontlik tot op sekere hoogte deur die huidige wêreldwye skaarste aan sekere noodsaaklike grondstowwe belemmer kan word.

Die fisiese volume van nie-goudmynproduksie het gedurende sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1973 teen hoë koerse toegeneem. Ná 'n toename van 3,7 persent gedurende die eerste kwartaal, het nie-goudmynbouproduksie gedurende die tweede kwartaal met 'n verdere 3,1 persent gestyg. Toenames in die volume van produksie van platina, mangaan, steenkool en boumateriale het die grootste bydraes tot hierdie toenames gemaak. In teenstelling hiermee het die aantal kilogramme goud geproduseer gedurende die tweede kwartaal as gevolg van 'n verdere daling in die gemiddelde graad van die erts wat ontgin is, verder afgeneem. 'n Toename is egter aangeteken in die volume erts gemaal.

Pryse

Alhoewel verbruikerspryse gedurende die eerste sewe maande van 1973 voortgegaan het om teen 'n hoë gemiddelde koers te styg, het daar gedurende die vier maande geëindig 31 Julie 1973 in vergelyking met die vorige nege maande 'n duidelike en hoogs betekenisvolle verlaging in die koers van toename van hierdie pryse voorgekom. Vanaf Julie 1972 tot Maart 1973 het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks teen 'n jaarkoers van nie minder nie as 11,5 persent gestyg; gedurende die tydperk vanaf Maart tot Julie 1973 het die toename egter afgeneem tot 'n jaarkoers van 6,4 persent. Hierdie verlaging van die koers van prystoenames was veral opmerklik in die geval van die pryse van voedsel, meubels en toebehore, en motors.

Soortgelyke neigings is in die geval van groothandelspryse waargeneem. Terwyl groothandelspryse vanaf Julie 1972 tot Maart 1973 teen 'n jaarkoers van 15,2 persent gestyg het, het die koers van toename skerp gedaal tot 9,6 persent gedurende die tydperk vanaf Maart tot Julie 1973.

Om verdere steun te verleen aan die verskillende faktore wat bydra tot 'n laer koers van toename in verbruikerspryse (soos die afnemende invloed van wisselkoersveranderings op binnelandse pryse en die vermindering van die koers van toename in voedselpryse), het die Minister van Finansies op 22 Augustus 1973 verdere toegewings ten opsigte van die verkoopreg aangekondig. Hierdie toegewings het hoofsaaklik betrekking op huishoudelike goedere en sekere minder noodsaaklike voedselsoorte wat nog aan die verkoopreg onderhewig was. In sy verklaring het die Minister ook die belangrikheid daarvan beklemtoon dat die voordele van hierdie toegewings aan die verbruikerspubliek oorgedra sal word. 'n Verdere verhoging van die basiese maatskaplike pensioene, wat vanaf 1 Oktober 1973 van krag word, is terselfdertyd aangekondig om pensioentrekkers te help om die hoë lewenskoste die hoof te bied.

Verbruikerspryse

Persentasiekoers van verandering in seisoensaangesuiwerde indeks

	Jaarkoers		
	Julie 1972-Julie 1973	Julie 1972-Maart 1973	Maart 1973-Julie 1973
Dienste	**9,6**	**9,8**	**9,3**
Behuising . . .	9,2	9,4	9,0
Ander	10,5	10,5	10,2
Goedere	**9,9**	**12,5**	**4,9**
Voedsel	14,9	20,8	4,0
Meubels en toebehore . .	6,9	8,2	4,3
Klerasie en skoeisel . . .	7,7	7,1	9,0
Voertuie	5,2	6,5	2,7
Totaal	**9,8**	**11,5**	**6,4**

Betalingsbalans

Die totale oorskot op die betalingsbalans het vanaf R153 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1973 tot R100 miljoen gedurende die tweede kwartaal verminder. Hierdie afname in die totale kwartaallikse oorskot het plaasgevind nieteenstaande 'n verdere toename in die oorskot op die lopende rekening en was die gevolg van 'n klein netto uitvloeiing van kapitaal, die eerste netto kwartaallikse uitvloeiing wat gedurende die afgelope vier jaar aangeteken is. Die toename in die oorskot op die lopende rekening kan geheel en al toegeskryf word aan 'n verdere skerp styging in die netto goudproduksie wat meer as vergoed het vir 'n daling in goedere-uitvoere en 'n matige toename in goedere-invoere. Netto onsigbare betalings het feitlik onveranderd gebly. Geneem teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het die oorskot op die lopende rekening in werklikheid egter betreklik aansienlik afgeneem vanaf meer as R500 miljoen gedurende die eerste kwartaal tot meer as R300 miljoen gedurende die tweede kwartaal van die jaar.

Alhoewel die fisiese volume van die goudproduksie voortgegaan het om te daal, het die waarde van die netto goudproduksie teen 'n jaarlikse koers skerp toegeneem vanaf R1 500 miljoen gedurende die eerste kwartaal tot ongeveer R1 750 miljoen gedurende die tweede kwartaal. Hierdie verdere skerp styging in die netto goudproduksie was die gevolg van 'n toename gedurende die tweede kwartaal van bykans 32 persent in die gemiddelde prys wat vir goud op die private mark behaal is en die feit dat feitlik alle nuutontginde goud op die private mark verkoop is.

Goedere-uitvoere, geneem teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het vanaf 'n rekordpeil van R2 800 miljoen in die eerste kwartaal van 1973 tot R2 432 miljoen gedurende die tweede kwartaal afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n daling in die uitvoer van mielies. Goedere-invoere het vir die derde opeenvolgende kwartaal gestyg en gedurende die tweede kwartaal van 1973 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R3 235 miljoen bereik. In die lig van die feit dat die koers van toename in die groothandelsprysindeks van ingevoerde goedere gedurende die afgelope drie kwartale geneig het om af te plat, was die voortgesette toename in die waarde van goedere-invoere nie slegs die gevolg van hoër pryse nie maar ook van 'n styging in die volume van goedere ingevoer. As sodanig kan hierdie opwaartse neiging in goedere-invoere in verband gebring word met die versnelling

Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



Totale kapitaalbewegings



in die algemene ekonomiese bedrywigheid en die onlangse vinniger uitbreiding van die binnelandse vraag.

'n Netto uitvloeiing van kapitaal, ten bedrae van R30 miljoen, is vir die eerste maal sedert die tweede kwartaal van 1969 gedurende die tweede kwartaal van 1973 aangeteken. Hierdie uitvloeiing, wat in die private sektor sowel as in die sentrale regering en banksektor voorgekom het, was hoofsaaklik die gevolg van korttermynkapitaalbewegings. Grotendeels vanweë lenings wat deur openbare korporasies, die Poskantoor en die Suid-Afrikaanse Spoorweë in die buiteland verkry is, het bewegings in langtermynkapitaal in werklikheid gelei tot 'n geïdentifiseerde netto uitvloeiing van R101 miljoen. Die totale tekort op die kapitaalrekening gedurende die tweede kwartaal kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die hoë peil van rentekoerse wat in die buiteland heers, die ruimer toestand op die binnelandse geld- en kapitaalmarkte wat plaaslike lenings vergemaklik het, en die terugbetalings van buitelandse lenings deur die sentrale regering en die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

Betalingsbalanstransaksies en waardasie-aansuiwerings het gedurende die tweede kwartaal van 1973 'n toename ten bedrae van R100 miljoen in die totale goud- en ander buitlandse reserwes ten gevolg gehad. Aan die einde van Junie 1973 het hierdie reserwes R1 341 miljoen bedra.

Verwikkelings gedurende die derde kwartaal van 1973

Gedurende Julie 1973 het die goud- en ander buitelandse reserwes 'n verdere groot toename van R89 miljoen getoon tot 'n vlak van R1 430 miljoen aan die einde van die maand. Hierdie skerp styging kon hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n verdere skerp toename in die opbrengs van goudverkope as gevolg van die aansienlike hoër goudprys op die private mark. Nadat dit gedurende die tweede helfte van Junie en die eerste helfte van Julie 'n rekordvlak van heelwat meer as $120 per fyn ons bereik het, het die goudprys op die private mark gedurende die daaropvolgende paar weke effens gedaal. Teen die middel van Augustus het die toenemende sterkte van die VSA-dollar op die buitelandse valutamarkte en die hoë rentekoerse wat op die geldmarkte in Europa en die Verenigde State geheers het, egter bygedra tot 'n daling in die goudprys tot 'n vlak van minder as $100 per fyn ons. Hierdie afwaartse beweging is op sy beurt weer deur 'n gedeeltelike herstel gevolg. Tussen 17 Augustus en 11 September het die goudprys geskommel tussen ongeveer $100 en $110 per fyn ons.

Vanaf die einde van Julie tot 7 September het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R124 miljoen tot 'n vlak van R1 144 miljoen gedaal. Hierdie afname het hoofsaaklik om redes van 'n tegniese aard voorgekom, waaronder die afwaartse aanpassing van Suid-Afrika se buitelandse valutareserwes op grond van veranderinge in wisselkoerse op wêreldvalutamarkte, en ook as gevolg van die terugbetaling van buitelandse lenings deur openbare owerhede.

Maandelikse handelsyfers wat deur die Departement van Doeane en Aksyns vrygestel word, toon dat die tekort op Suid-Afrika se goederehandelsrekening vanaf Mei 1973 weer groter geword het, nadat dit gedurende die eerste nege maande van die jaar vernou het. Alhoewel sowel die uitvoer as die invoer van handelsware gedurende Julie hoër was as gedurende Junie, het die goedere-invoer teen 'n vinniger koers toegeneem. Die tekort op die handelsrekening het gedurende Julie R78 miljoen bedra, vergeleke met 'n tekort van R50 miljoen gedurende Junie en R52 miljoen gedurende Julie 1972.

Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in geld en kwasi-geld, wat gedurende die eerste kwartaal van 1973 meer as 35 persent bedra het, het gedurende die daaropvolgende drie maande gedaal voordat dit gedurende Julie weer tot meer as 30 persent gestyg het. Die gemiddelde hoeveelheid geld en kwasi-geld (seisoensaangesuiwer) gedurende die tweede kwartaal van 1973 was ongeveer 15 persent hoër as gedurende die vierde kwartaal van 1972. Met hierdie vinnige koerse van toename, is die geleidelike afwaartse beweging van die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk, seisoensaangesuiwer, gedurende die eerste kwartaal van 1973 gestuit. Hierdie verhouding, wat gedurende die vierde kwartaal van 1972 sy laagste punt (28,3 persent) sedert die begin van 1968 bereik het, het gedurende die tweede kwartaal van 1973 29,3 persent beloop. Selfs op hierdie hoër peil wil dit egter voorkom asof die verhouding nog onder die langtermynneiging gelê het.

Soos gedurende die eerste kwartaal van 1973, het verreweg die belangrikste oorsake van die toename in geld en kwasi-geld gedurende die tweede kwartaal en Julie bestaan uit 'n skerp verdere styging in bankkrediet aan die private sektor, gekoppel met voortdurende maar skommelende stygings in die goud- en ander buitelandse reserwes. Hierteenoor het langtermyndeposito's van die private sektor ook aangehou om sterk te styg; 'n toename van heelwat meer as R200 miljoen (seisoensaangesuiwer) is gedurende die tweede kwartaal in hierdie deposito's aangeteken. 'n Duidelike daling in netto bankkrediet aan die regeringsektor, seisoensaangesuiwer, gedurende die tweede kwartaal van die jaar is gedeeltelik deur 'n hernieude styging gedurende Julie geneutraliseer.

Bankkrediet

Die totale eise van die monetêre banksektor teen die private sektor, seisoensaangesuiwer, het gedurende die tydperk van vier maande vanaf April tot Julie 1973 met R537 miljoen, of teen 'n jaarkoers van 35 persent, toegeneem. Dit kan vergelyk word met 'n jaarkoers van toename van 27 persent gedurende die voorafgaande agt maande vanaf die begin van die skerp oplewing in bankkredietverlening aan die private sektor in Augustus 1972. Ten spyte van 'n verdere baie groot styging in handelsbankvoorskotte gedurende Junie, was die monetêre huurkoop- en algemene banke weer eens vir 'n oneweredige groot deel (32 persent) van die totale toename in die diskonteringe en voorskotte van die banksektor aan die private sektor vanaf April tot Julie 1973 verantwoordelik. Die monetêre banke se besit aan bankaksepte en handels- en landbou-wissels sowel as hul huurkoopdiskonteringe en voorskotte het aangehou om vinniger as die totaal van alle eise teen die private sektor te styg, naamlik met 26 persent en 15 persent onderskeidelik, teenoor 'n toename in alle eise van 10 persent. Met ingang 17 Julie is die prima-uitleenkoers van die handelsbanke met $\frac{1}{2}$ persent na $7\frac{1}{2}$ persent verlaag.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld, 1973
R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1e kw.	2e kw.	Julie	1e kw.	2e kw.	Julie
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	169	105	47	160	34	46
Eise teen die regeringsektor:						
Bruto eise	143	286	42	...	...	...
Regeringsdeposito's (toename –, afname +)	–228	–270	–85	...	...	...
Netto eise	–85	16	–43	122	–113	46
Eise teen die private sektor	361	363	121	371	416	121
Langtermyn private deposito's (toename –, afname +)	–61	–164	–33	–18	–226	–34
Netto ander bates	–185	63	5	...	...	...
Totale oorsake	**199**	**383**	**97**	**415**	**258**	**164**

Eise van monetêre banksektor teen private sektor



Geldmark- en verwante rentekoerse



Die bruto eise van die banksektor teen die regeringsektor (nie seisoensaangesuiwer nie) het gedurende die tweede kwartaal en Julie met heelwat meer as R300 miljoen gestyg. Hierdie ontwikkeling kon geheel en al toegeskryf word aan toenames van R171 miljoen en R158 miljoen, onderskeidelik, in monetêre banke se besit aan skatkiswissels en staatseffekte. 'n Gelyktydige en groter styging in regeringsdeposito's was egter verantwoordelik vir 'n afname in die netto monetêre bankkrediet aan die regeringsektor gedurende hierdie tydperk.

Die oorskot-likwiditeitsverhouding van handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke het gedurende Junie gedaal maar gedurende Julie gestyg. Aan die einde van Julie het hierdie verhouding 4,5 persent vir alle monetêre bankinstellings en 5,3 persent vir die handelsbanke beloop, wat ongeveer dieselfde was as die verhoudings wat aan die einde van April bestaan het.

Toestand op die geldmark en korttermynrentekoerse

Afgesien van betreklik kort tydperke van maandeinde- en seisoenale vernouings aan die einde van Junie en, in mindere mate, aan die einde van Julie (hoofsaaklik as gevolg van skommelings in regeringsdeposito's en die bedrag aan note in omloop), het die toestand op die geldmark dwarsdeur die tweede kwartaal, Julie en die eerste helfte van Augustus 1973 aangehou om te verruim en het korttermynrentekoerse aangehou om te daal. Die skatkiswisselkoers het dienooreenkomstig byna onafgebroke gedaal vanaf 4,28 persent op 23 Maart tot minder as 2,50 persent gedurende die grootste deel van Augustus en op 17 Augustus 'n laagtepunt van 2,39 persent bereik. Dit was die laagste peil sedert Januarie 1964. Die koers op bankaksepte van drie maande het oor dieselfde tydperk vanaf 6,2 tot 3,8 persent gedaal.

'n Betreklike skerp vernouing van die mark het egter gedurende die laaste twee weke van Augustus voorgekom. Dit was hoofsaaklik die gevolg van 'n groot styging in regeringsdeposito's (R192 miljoen) by die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie en 'n skerp styging in die bedrag aan note in omloop (R128 miljoen). Hierbenewens het die Reserwebank se goud- en ander buitelandse bates gedurende hierdie tydperk met R38 miljoen gedaal. Totale daggeldlenings by die diskontohuise het dienooreenkomstig vanaf die rekordbedrag van R521 miljoen op 17 Augustus tot slegs R254 miljoen aan die einde van die maand afgeneem. Lenings ontvang deur die diskontohuise van die Reserwebank het oor dieselfde tydperk vanaf R11 miljoen tot R186 miljoen gestyg. Onder hierdie omstandighede het die koers op VDS-e van 90 dae vanaf 4,5 tot 5,3 persent gestyg, terwyl die koers op bankaksepte van drie maande vanaf 3,8 tot 4,8 persent verhoog is. Die skatkiswissel-tenderkoers het oor hierdie tydperk ook vanaf 2,39 tot 2,48 persent toegeneem.

'n Nuwe stelsel om tydelike hulp aan die diskontohuise te verleen is met ingang van 1 September 1973 deur die Reserwebank ingestel. Onder hierdie nuwe benadering sal bystand hoofsaaklik verleen word deur die Bank se verdiskontering van skatkiswissels, teen $\frac{1}{2}$ persent bo die jongste skatkiswissel-tenderkoers, vir 'n minimumtydperk van sewe dae. Terugkoop van die wissels deur die betrokke diskontohuis sal tot op die veertiende dag toegelaat word, waarna alle regte op die wissels op die Reserwebank oorgaan. Indien 'n diskontohuis se besit aan skatkiswissels onvoldoende blyk vir die bedrag aan akkommodasie wat vereis word, kan die Bank korttermynstaatseffekte van hom aankoop teen 'n prys wat deur die Bank bepaal sal word. Die toestaan van lenings aan die diskontohuise teen die onderpand van effekte (voorheen die belangrikste metode waarvolgens akkommodasie verleen is) sal in die vervolg slegs gebruik word as 'n metode om ,,oornag"-fasiliteite beskikbaar te stel wat die volgende dag terugbetaal moet word, teen 'n koers van $2\frac{1}{2}$ persent bo die jongste skatwisselkoers.

Staatsfinansies

Uiteenlopende neigings in verbruiks- en investeringsuitgawes deur openbare owerhede

Gedurende die tweede kwartaal van 1973 het die totale verbruiks- en investeringsuitgawes deur openbare owerhede bykans dieselfde neiging getoon as wat gedurende die voorafgaande twee kwartale duidelik geword het. In teenstelling met vroeëre verwikkelinge was die betreklike afwesigheid van verandering in totale owerheidsbesteding gedurende die tweede kwartaal egter die gevolg van teenoorgestelde neigings in bestedingskomponente. Terwyl die verbruiksbesteding vinniger gestyg het, is hierdie toename feitlik geneutraliseer deur 'n bykans gelyke daling in die investering. Die vernaamste rede vir die afname in die investeringsuitgawes was 'n verlaging in die vaste investering deur handelsafdelings van openbare owerhede, veral deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Poskantoor. Verminderde kapitaaluitgawes deur algemene afdelings het egter ook tot die daling in investeringsuitgawes bygedra.

Direkte belastinginvorderings, wat vanaf die middel van 1972 onverpoosd toegeneem het, het gedurende die tweede kwartaal van 1973 gedaal, hoofsaaklik as gevolg van laer inkomstebelastingontvangstes. Indirekte belastings het egter vergeleke met die eerste kwartaal 'n geringe styging getoon. Die verhoogde verbruiksbesteding en verlaagde belastingontvangste het veroorsaak dat die lopende oorskot van die algemene afdelings van openbare owerhede aansienlik gedaal het vanaf die eerste kwartaal tot die tweede kwartaal van 1973.

Kleiner skatkistekort gefinansier uit nie-bankbronne

Suksesvolle lenings vanaf nie-bankbronne, tesame met 'n kleiner tekort op die Skatkisrekening, het die Tesourie in staat gestel om sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor gedurende die tweede kwartaal van 1973 en ook in Julie verder te verlaag.

Gedurende die tweede kwartaal het die tekort op die Skatkisrekening slegs R78 miljoen bedra. Dit was R28 miljoen minder as die tekort gedurende die voor-

Regeringsdeposito's

afgaande drie maande en aansienlik laer as die syfer van R293 miljoen wat in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar aangeteken is. Gedeeltelik as gevolg van aansoeke vir twee effekte-uitgiftes gedurende Junie 1973, het die toename in die besit aan staatskuldbewyse deur die private nie-banksektor gedurende die kwartaal R147 miljoen bedra. As die netto belegging van R112 miljoen deur die Staatskuldkommissarisse en die netto terugbetalings van R40 miljoen aan die buitelandse sektor in berekening gebring word, was die Tesourie nie alleen in staat om sy tekort deur lenings van die private nie-banksektor te dek nie, maar ook om sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met R142 miljoen te verminder. Laasgenoemde syfer was, op sy beurt, die netto resultaat van 'n toename van R292 miljoen in die banksektor se besit aan staatskuldbewyse en 'n toename van nie minder nie as R433 miljoen in skatkisdeposito's. Die banke se verhoogde besit aan staatskuldbewyse was hoofsaaklik die gevolg van hul aansoeke, ten bedrae van R187 miljoen, vir die nuwe effekte-uitgiftes en 'n toename van R111 miljoen in hul besit aan skatkiswissels. Soos in die bygaande grafiek getoon word, het regeringsdeposito's, waarvan dié op die Skatkisrekening die grootste gedeelte uitmaak, sedert Maart 1972 'n sterk opwaartse neiging getoon. Aan die einde van Augustus het skatkisdeposito's, insluitende dié op die Stabilisasierekening, in werklikheid 'n rekord maand-eindbedrag van nie minder nie as R1 137 miljoen bereik.

Kapitaalmark

Toestande op die kapitaalmark het gedurende die tweede kwartaal van 1973 in die algemeen voortgegaan om te verruim aangesien die aanbod van uitleenbare fondse geneig het om vinniger as die vraag toe te neem. Die bouverenigings het in die besonder 'n buitengewoon groot netto invloeiing van fondse ondervind, terwyl 'n nuwe hoogtepunt in die bedrag aan verbande toegestaan aangeteken is.

Mark vir vaste-rentedraende effekte

Die neiging in die rigting van 'n ruimer toestand op die mark vir vaste-rentedraende effekte, wat teen die einde van die eerste kwartaal van 1973 tydelik onderbreek is, is gedurende die tweede kwartaal en die grootste gedeelte van Julie en Augustus weer voortgesit. Die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van semi-prima-effekte het vanaf 8,40 persent in Desember 1972 en 8,50 persent in April 1973 tot 8,03 persent in Augustus afgeneem, terwyl die opbrengskoers op maatskappy-obligasies vanaf 9,50 persent in Januarie tot 9,250 persent in Junie en 9,125 persent in Augustus gedaal het. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte is gehandhaaf op die peil van 7,75 persent wat vanaf 28 Maart 1973 van krag is. Die rendementsgaping tussen die opbrengskoerse op semi-prima- en prima-effekte het gevolglik aan die einde van Augustus weer tot 'n laagtepunt van ongeveer 0,3 persent vernou, dit wil sê tot ongeveer dieselfde grootte daarvan as in Desember 1972 en tot minder as die helfte van die gemiddelde gaping van 0,64 persent gedurende die afgelope 10 jaar. Netto lenings in die mark vir bemarkbare vaste-rentedraende effekte het gedurende die tweede kwartaal van 1973 nie minder nie as R505 miljoen bedra, wat meer as tweemaal soveel was as die bedrag wat gedurende die eerste kwartaal van die jaar aangeteken is. Die uitgifte van langtermynstaatseffekte gedurende Junie het aansienlike ondersteuning geniet, terwyl 'n uitgifte van langtermyn semi-prima-effekte gedurende Julie $4\frac{1}{2}$ keer oorvolteken is.

Aandelemark

Nadat aandelepryse en die bedrywigheid op die aandelemark gedurende die eerste vyf maande van 1973 afgeplat het, het dit gedurende die daaropvolgende twee maande weer 'n duideliker opwaartse koers getoon. Die gemiddelde prys van alle klasse aandele het gedurende die maande Junie en Julie 1973 'n toename van 8 persent getoon, hoofsaaklik as gevolg van die hoër pryse van myn- (hoofsaaklik goudmyn-) en nywerheids- en handelsaandele. Die gemiddelde prys van finansiële aandele het min of meer onveranderd gebly. Gedurende Augustus het die aandelemark 'n algemene daling getoon waarby slegs nywerheidsaandelepryse hul opwaartse neiging gehandhaaf het.

Verbandmark

Hoë peile van bedrywigheid kon gedurende die tweede kwartaal van 1973 in die residensiële verbandmark opgemerk word. Terselfdertyd het rentekoerse in hierdie mark geneig om te daal namate die toename in die vraag na verbande geredelik deur die stygende aanbod van fondse bevredig kon word. Die waarde van netto residensiële en ander verbande geregistreer (dit wil sê nadat verbande gekanselleer afgetrek is) het gedurende die kwartaal met 10 persent tot R331 miljoen toegeneem. Die gemiddelde rentekoers op alle verbande het marginaal vanaf 8,89 persent in Maart tot 8,85 persent in Junie gedaal. Ná 'n verlaging van die verbandkoers op woonhuise vanaf 1 Februarie 1973 (tot 8,75 persent), het die bouverenigings in Junie besluit om hul verbandkoerse ten opsigte van woonhuise en ander geboue vanaf of ná 1 Augustus maar in elk geval nie later nie as 1 Oktober 1973 vanaf 8,75 persent en 9,50 persent, onderskeidelik, tot 8,50 en 9,00 persent te verminder. As gevolg van die lewendige vraag na behuisingsfinansiering en die hoogs likwiede toestand van die bouverenigings, het die verenigings hulle aandeel in die totale voorsiening van finansiering van nuwe verbande vergroot. So het hul belegging in verbande gedurende die tweede kwartaal van 1973 met R129 miljoen toegeneem, vergeleke met toenames van R52 miljoen en ongeveer R19 miljoen, onderskeidelik, wat gedurende hierdie tydperk deur bankinstellings en deelnemingsverbandskemas aangeteken is. Vergeleke met die gemiddelde maandelikse bedrag van R74 miljoen wat deur bouverenigings aan verbandvoorskotte uitbetaal is, het die gemiddelde maandelikse bedrag wat die verenigings gedurende die tweede kwartaal van 1973 aan nuwe verbandlenings *toegestaan* het in werklikheid 'n nuwe rekordpeil van R110 miljoen bereik, in vergelyking met 'n maandelikse gemiddelde van R72 miljoen gedurende die eerste kwartaal van die jaar.

Vloei van fondse na finansiële instellings

Die voorsiening van fondse met 'n spaarkarakter aan die bouverenigings, bankinstellings en deelnemingsverbandskemas het gedurende die tweede kwartaal van 1973 'n opmerklike verdere opwaartse neiging getoon. Bouverenigings het nie minder nie as R271 miljoen in die vorm van beleggings in deposito's en bouverenigingaandele ontvang, wat, in vergelyking met die eerste kwartaal, 'n toename van 61 persent verteenwoordig het. Die vloei van fondse na bankinstellings in die vorm van langtermyn- en spaardeposito's (R131 miljoen) en na deelnemingsverbandskemas (R19 miljoen) het onderskeidelik 'n toename van 87 persent en 'n afname van 42 persent verteenwoordig. Op 11 April 1973 is daar ingevolge die regulasies van depositokoersbeheer wetlik beslag gegee aan die vermindering van $\frac{1}{2}$ persent van die rentekoerse betaalbaar op deposito's waaroor die banke en bouverenigings in Augustus 1972 vrywillig 'n ooreenkoms bereik het. Verdere koersverminderings is teen die einde van Junie 1973 deur die bouverenigings en sekere banke aangebring. 'n Vermindering van $\frac{1}{4}$ persent in die koers wat die bouverenigings op sekere bestaande opbetaalde vastetermyn-aandele betaal, sal op 1 Oktober 1973 in werking tree.

Ná hierdie verskillende koersverlagings het die hoë koers van invloeiing van fondse na die bouverenigings in Julie opmerklik verminder. Die toename in hul belegging in verbande het nietemin nog R41 miljoen bedra, terwyl nuwe voorskotte toegestaan 'n nuwe hoogtepunt van R123 miljoen bereik het.

Bouverenigingwetgewing

Sekere wysigings van die Bouverenigingwet met betrekking tot verbandfinansiering is gedurende die Parlementsitting van 1973 goedgekeur maar moet nog in werking gestel word. Hierdie wysigings het onder andere betrekking op: 'n verhoging, tot R20 000, van die maksimum lening wat deur 'n bouvereniging aan enige koper van 'n huis vir terugbetaling oor 30 jaar toegestaan mag word; magte wat aan die Minister van Finansies verleen word om die rentekoers voor te skryf wat op toekomstige huislenings van meer as R15 000 betaalbaar is; magtiging aan die Minister om die persentasie voor te skryf van die totale behuisingslenings wat deur bouverenigings vir woonstelle, geboue vir handelsdoeleindes, en huise waarvoor die lening 'n bedrag soos deur die Minister te bepaal oorskry, toegestaan mag word; die vermindering, vanaf $82\frac{1}{2}$ na 80 persent, van die gedeelte van die waarde van 'n huis wat 'n bouvereniging by wyse van 'n lening mag voorskiet; die neem van spaardeposito's van maatskappye onder sekere voorwaardes; die hersiening van die definisie van „woonhuis" om ook 'n „eenheid", soos omskryf in die Wet op Deeltitels van 1971, in te sluit as so 'n eenheid vir woondoeleindes gebruik word; en die vereiste dat ten minste 50 persent van die kollaterale onderpand wat aangebied word, uit deposito's by bouverenigings of banke (vaste deposito's) en/of uit bouverenigingaandele moet bestaan.

Bouverenigings

'n Regionale indeling van Suid-Afrika se betalingsbalans, 1957 tot 1972*

deur E. J. van der Merwe en D. P. du Plessis

Inleiding

Die doel van hierdie artikel is om 'n regionale indeling van Suid-Afrika se betalingsbalans vir die tydperk 1957 tot 1972 te verskaf, om kortliks die groei van sekere belangrike komponente van die betalingsbalans en strukturele veranderings oor hierdie tydperk te bespreek, om te verduidelik hoe die regionale syfers aangewend kan word om die effektiewe appresiasie of depresiasie van die rand te bepaal, en om die veranderings wat vanaf Oktober 1967 in die effektiewe wisselkoers van die rand voorgekom het, aan te toon.

Die aanvang van die tydperk waarvoor die regionale indeling gemaak word, nl. 1957, is genoodsaak deur die beskikbaarheid van gegewens. 'n Indeling volgens land van die meeste betalingsbalansposte kon slegs gemaak word nadat die resultate van die eerste Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates, wat in 1956 opgeneem is, beskikbaar gekom het. Die afbakening van gebiede vir die doeleindes van 'n indeling van die betalingsbalans kan natuurlik op verskeie beginsels gebaseer word. Gebiede kan byvoorbeeld afgebaken word op basis van die stadium van ontwikkeling van Suid-Afrika se handelsvennote, of sekere spesifieke gebiede kan onderskei word, soos die Sterlinggebied of die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Vir doeleindes van die ontleding van globale neigings in en die aanbieding van Suid-Afrika se betalingsbalans op 'n regionale grondslag, is betalingsbalanssyfers in hierdie artikel egter ingedeel volgens vernaamste handelsvennoot of -vennote en volgens vasteland.

Regionale betalingsbalanssyfers kan vir verskillende doeleindes aangewend word en is in die besonder belangrik vir ontledings van internasionale transaksies en hul verband met ontwikkelings in spesifieke buitelandse markte. 'n Regionale indeling bring die betrekkinge tussen 'n land se volkshuishouding en dié van buitelandse lande of gebiede aan die lig en is onontbeerlik as 'n hulpmiddel in die bepaling van ekonomiese beleid, in die besonder wisselkoersbeleid. In die volgende afdelings sal die verskillende beginsels wat by regionale indelings betrokke is en dié wat in hierdie artikel gebruik word, eerstens bespreek word. Dit word gevolg deur 'n kort beskrywing van die groei van die belangrikste komponente van die betalingsbalans en 'n ontleding van die strukturele veranderings wat in Suid-Afrika se internasionale transaksies met individuele buitelandse lande of gebiede plaasgevind het. Bo en behalwe hierdie meer algemene gebruike sal verduidelik word hoe die regionale indeling aangewend word by die bepaling van die effektiewe depresiasie of appresiasie van die rand teenoor alle ander geldeenhede. Die laaste twee afdelings van hierdie artikel het derhalwe betrekking op die effektiewe depresiasie of appresiasie van die rand gedurende die laaste vyf tot ses jaar—'n tydperk waarin belangrike veranderings in die wisselkoerse van die meeste lande, insluitende Suid-Afrika, voorgekom het.

Beginsels gebruik in die regionale indeling

In 'n regionale indeling van transaksies op die lopende rekening van die betalingsbalans van 'n land kan die transaksies ingedeel word òf volgens die rigting van die vloeiinge van reële bronne (reële vloeiinge) òf volgens die finansiële vereffenings uit hoofde van sulke vloeiinge (finansiële vloeiinge). In 'n indeling volgens reële vloeiinge kan transaksies in goedere en dienste op hulle beurt weer verdeel word òf volgens land van versending, d.w.s. volgens die rigting van verskeping, òf volgens die land van verbruik of produksie. In 'n indeling wat op finansiële vloeiinge gebaseer is, word die transaksies in goedere en dienste ingedeel volgens die land of gebied wat die betaling ontvang of maak. In die derde uitgawe van die Internasionale Monetêre Fonds se *Balance of Payments Manual* is die klem in die regionale indeling van transaksies in goedere en dienste verskuif om die reële vloeiinge eerder as die finansiële vloeiinge te beklemtoon. Hierteenoor word transaksies op die kapitaalrekening ingedeel op basis van finansiële vloeiinge. Die spesifieke beginsels wat deur verskillende lande in regionale indelings van betalingsbalanssyfers toegepas word, hang in 'n groot mate af van die beskikbaarheid van statistiese gegewens.

In ooreenstemming met die *Balance of Payments Manual* is 'n indeling volgens reële vloeiinge sover as wat prakties moontlik is op die transaksies op die lopende rekening van Suid-Afrika se betalingsbalans toegepas. Soos in die geval van die meeste ander lande, kon een metode van indeling nie konsekwent t.o.v. alle transaksies in goedere en dienste toegepas word nie en die beginsels wat in werklikheid toegepas is moes derhalwe volgens die beskikbaarheid van gegewens gevariëer word. In die regionale indeling van Suid-Afrika se buitelandse handelsstatistiek deur die Departement van Doeane en Aksyns word goedere-invoere sover as moontlik ingedeel volgens die land of gebied van herkoms. Waar besonderhede omtrent die herkoms van goedere nie beskikbaar is nie, word invoere aan die land of gebied van verskeping toegedeel. Goedere-uitvoere word ingedeel volgens die land van uiteindelike bestemming vir sover dit op die tydstip van verskeping vasgestel kan word. Waar die uiteindelike bestemming van goedere nie bekend is nie, word die goedere ingedeel volgens die land of gebied wat op die klaringsbrief getoon word.

---

*Hierdie artikel is gedeeltelik gebaseer op syfers wat deur W. Brummerhoff bereken is vir sy ongepubliseerde M.Com-verhandeling getiteld *„Die Buitelandse Gebiedsverdeling van die Suid-Afrikaanse Betalingsbalans, 1957-1970"*, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Januarie 1973.

Dieselfde prosedures is gevolg by die aansuiwering van hierdie handelsyfers vir betalingsbalansdoeleindes. Insgelyks is onsigbare ontvangste en betalings, waar moontlik ingedeel volgens die beginsel van reële vloeiinge na die land of gebied van produksie of verbruik. 'n Regionale indeling van die netto goudproduksie was nie moontlik nie aangesien inligting oor die land van inwoning van die uiteindelike kopers van goud op die private mark nie beskikbaar is nie en hierdie syfers is onder die pos "nie toegedeel nie" ingesluit. Op dieselfde manier kan die netto verandering in die goudreserwes, wat 'n deel van die netto goudproduksie uitmaak, nie aan enige besondere land of gebied toegedeel word nie. Transaksies op die kapitaalrekening van Suid-Afrika se betalingsbalans is ingedeel volgens die benadering van finansiële vloeiinge.

In die geval waar 'n regionale betalingsbalans gebaseer is op 'n klassifikasie volgens reële vloeiinge vir transaksies op die lopende rekening en op finansiële vloeiinge vir transaksies op die kapitaalrekening, sal die bilaterale betalingsbalansstate nie balanseer nie, en wel om twee redes. Ten eerste is dit moontlik dat die rigting van die reële vloeiinge nie met dié van die finansiële vereffeninge saamval nie en aansuiwerings is derhalwe nodig om die transaksies op die lopende rekening om te skakel vanaf 'n reële vloeiinge- na 'n finansiële vloeiinge-basis. Ten tweede sal die betalingsbalansstate met individuele lande of gebiede nie balanseer nie, selfs indien die lopende rekeningtransaksies na 'n finansiële vloeiinge-basis omgeskakel is, indien multilaterale vereffeninge plaasgevind het. Vir doeleindes van ontleding is dit egter nie so belangrik dat elke bilaterale staat klop nie. Die klem moet eerder val op 'n regionale indeling waaruit die rigting van internasionale transaksies op die mees betekenisvolle wyse ontleed kan word. Bowendien is die inligting wat vereis word om die genoemde twee aansuiwerings te maak, gewoonlik nie beskikbaar nie.

In die regionale indeling van Suid-Afrika se betalingsbalans is hierdie aansuiwerings derhalwe nie gemaak nie en die regionale indeling word nie aangebied in die vorm van 'n volledige betalingsbalans nie. Tabel I van die statistiese bylaag* toon die regionale indeling van die vernaamste komponente van die lopende rekening, terwyl tabel II slegs 'n indeling volgens gebied van netto geïdentifiseerde kapitaalbewegings toon. Veranderings in die goud- en ander buitelandse reserwes, aansuiwerings om transaksies op die lopende rekening vanaf reële na finansiële vloeiinge om te skakel, multilaterale vereffeninge en netto foute en onaangetekende transaksies word derhalwe nie in die regionale aanbieding ingesluit nie.

In tabel I word die komponente van die lopende rekening volgens Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote ingedeel terwyl die geïdentifiseerde kapitaalbewegings in tabel II slegs volgens vasteland aangegee word. 'n Meer samevattende benadering is in tabel II gevolg omdat daar minder regverdiging vir 'n gedetailleerde regionale indeling van netto kapitaalbewegings is. Verdere probleme word by die indeling van kapitaalbewegings volgens spesifieke lande teëgekom, met die gevolg dat die gegewens minder betroubaar is. Waar groot organisasies en die sentrale regering van Suid-Afrika byvoorbeeld geld op die geld- en kapitaalmarkte in Wes-Europa leen, mag die intekenaars op hierdie lenings inwoners van verskillende lande wees sonder dat die Suid-Afrikaanse lener hiervan bewus is.

Om strukturele veranderings in die transaksies op die lopende rekening van Suid-Afrika met die res van die wêreld te ontleed, word die syfers gerieflikheidshalwe in vier tydperke onderverdeel, naamlik 1957-1961, 1962-1966, 1967-1971 en 1972. Die jaar 1972 word afsonderlik getoon, omdat die omstandighede in daardie jaar aansienlik verander het van dié wat in die voorafgaande jare gegeld het, veral as gevolg van die devaluasie van die rand teen die einde van 1971. Hierteenoor word slegs twee tydperke onderskei wanneer die regionale indeling van netto kapitaalbewegings bespreek word, naamlik 1957-1964 en 1965-1972. Hierdie tydperke word van mekaar onderskei omdat Suid-Afrika gedurende die eerste tydperk hoofsaaklik 'n uitvloeiing van buitelandse kapitaal ondervind het, terwyl 'n netto invloeiing van kapitaal vanaf 1965 vir elke daaropvolgende jaar aangeteken is.

Saldo op lopende rekening

Suid-Afrika se saldo op lopende rekening het gedurende die jare 1957 tot 1972 aansienlik van jaar tot jaar geskommel. Hierdie skommelings was in 'n groot mate afhanklik van die koers van toename in binnelandse besteding. Indien die netto goudproduksie van die lopende rekening uitgesluit word, toon die saldo op hierdie rekening altyd 'n tekort. Verder het hierdie tekorte vanaf 1965, toe die koers van toename in binnelandse besteding versnel het, aanmerklik toegeneem voordat dit in 1972, na die herskikking van wisselkoerse teen die einde van die voorafgaande jaar, aansienlik afgeneem het. Soos verwag kan word indien die netto goudproduksie nie aan spesifieke lande toegedeel word nie, het Suid-Afrika teenoor nagenoeg al die gebiede wat onderskei word, 'n tekort getoon. Die grootste tekorte is aangeteken teenoor die meer geïndustrialiseerde lande in Europa en die V.S.A. wat 'n belangrike gedeelte van die intermediêre en kapitaalgoedere, 'n groot gedeelte van die fondse, en skeepvaart- en ander dienste voorsien wat deur Suid-Afrika benodig word. In ooreenstemming met die totale tekort op lopende rekening uitgesonderd die netto goudproduksie, het die tekorte teenoor hierdie gebiede ook vanaf 1965 aansienlik versleg, voordat dit in 1972 weer verbeter het.

*Tabelle I en II verskyn op bladsye 26 tot 41.

Tabel 1. Gemiddelde jaarlikse saldo op lopende rekening

R miljoene

	1957-1961	1962-1966	1967-1971	1972	1957-1972
Europa	−269	−419	−788	−733	−507
E.E.G.	−232	−356	−676	−649	−436
Verenigde Koninkryk	−156	−221	−260	−248	−215
Duitsland, Bondsrepubliek	−75	−112	−255	−321	−158
Ander E.E.G.-lande	−1	−23	−161	−80	−63
Ander Wes-Europese lande	−40	−60	−109	−81	−70
Ander Europese lande	3	−3	−3	−3	−1
Amerika	−212	−265	−425	−369	−305
V.S.A.	−171	−218	−379	−353	−262
Ander Amerikaanse lande.	−41	−47	−46	−16	−43
Asië	−96	−105	−209	−215	−142
Japan	−6	5	−29	−27	−11
Ander Asiatiese lande	−90	−110	−180	−188	−131
Afrika	136	117	214	228	160
Oseanië	−3	−20	−52	−65	−28
Totaal, uitgesonderd die netto goudproduksie	−444	−692	−1260	−1154	−822
Netto goudproduksie	496	720	832	1161	713
Totaal	**52**	**28**	**−428**	**7**	**−109**

Dit is egter interessant om daarop te let dat Suid-Afrika teenoor die lande in Afrika gedurende die tydperk onder beskouing 'n oorskot op lopende rekening, uitgesonderd die netto goudproduksie, gehad het, en dat hierdie oorskot vanaf 1968 na 'n aansienlike hoër vlak verskuif het. As ekonomies die mees ontwikkelde land in Afrika, voorsien Suid-Afrika meer gesofistikeerde fabrikate aan Afrika-lande. Aan die ander kant is die invoere vanaf Afrika-lande relatief laag, aangesien die meeste van die landbou- en mynbouprodukte wat deur Afrika-lande, en meer in die besonder deur die lande in Suidelike Afrika, uitgevoer word, plaaslik in Suid-Afrika geproduseer word. Die saldo op lopende rekening, uitgesonderd die netto goudproduksie, met Japan het tot 1969 tussen klein negatiewe en positiewe waardes gewissel, en toe na 'n redelike groot tekort verander voordat dit in 1972 aansienlik verbeter het.

Groeikoers van die transaksies op lopende rekening

Die groeikoers van Suid-Afrika se uitvoere van goedere en dienste is baie afhanklik van ekonomiese toestande wat deur die land se vernaamste handelsvennote ondervind word, binnelandse klimaatstoestande en pryse op internasionale kommoditeitsmarkte, aangesien 'n groot gedeelte van goedere-uitvoere uit primêre produkte bestaan. Uit die gegewens in tabel 2 is dit duidelik dat die uitvoere van goedere en dienste gedurende die tydperk 1957-1961 teen 'n lae koers toegeneem het, hoofsaaklik vanweë swak pryse op internasionale kommoditeitsmarkte. Gedurende die daaropvolgende vyf jaar het die gemiddelde koers van toename in die uitvoere van goedere en dienste versnel en daarná, in die tydperk 1967-1971, slegs 'n geringe verbetering getoon, ten spyte van die sluiting van die Suezkanaal wat 'n groot toename in die ontvangste vir dienste wat aan buitelanders gelewer is tot gevolg gehad het. Die teleurstellende toename gedurende laasgenoemde tydperk kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die swak prestasie van uitvoere, wat op sy beurt weer die gevolg was van 'n afname in uitvoere van landbouprodukte gedurende 1969, gevolg deur swak pryse op internasionale kommoditeitsmarkte wat die beter landbou-uitvoere gedurende 1970 en 1971 geneutraliseer het. Die herskikking van wisselkoerse in Desember 1971 gepaardgaande met gunstige pryse op internasionale kommoditeitsmarkte en betreklik goeie landbou-oeste, het in 1972 'n toename van 34,4 persent in die uitvoere van goedere en dienste tot gevolg gehad.

Op 'n regionale basis, het groot skommelinge in die gemiddelde jaarlikse koers van toename in uitvoere van goedere en dienste na individuele lande of gebiede voorgekom. Gedurende die jare 1957 tot 1972 het uitvoere na Japan teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van nie minder nie as 18,3 persent toegeneem, hoofsaaklik vanweë 'n aansienlike toename in die uitvoere van grondstowwe na hierdie land. Die uitvoere van goedere en dienste na ander Asiatiese lande en Amerikaanse lande uitgesonderd die V.S.A. het ook teen baie hoë jaarlikse koerse toegeneem, veral gedurende die tydperk 1967-1971. Die gemiddelde jaarlikse koerse van toename in die uitvoer van goedere en dienste na die Bondsrepubliek Duitsland, Europese lande uitgesonderd die E.E.G., en die V.S.A., was ook bo die gemiddelde jaarlikse groeikoers in die totale uitvoere van Suid-Afrika gedurende die jare 1957 tot 1972, terwyl die gemiddelde jaarlikse koerse van toename in uitvoere na Afrika-lande, die Verenigde Koninkryk en E.E.G.-lande laer as die gemiddelde van die totaal was. Groot skommelings het ook voorgekom in die gemiddelde jaarlikse koerse van toename in uitvoere na die onderskeie gebiede gedurende die verskillende tydperke wat in tabel 2 onderskei word, hoofsaaklik vanweë die samestelling van die uitvoere na en ekonomiese toestande in die gebiede. Na die herskikking van wisselkoerse teen die einde van 1971 en as gevolg van gunstige pryse op internasionale kommoditeitsmarkte is groot toenames gedurende 1972 aangeteken in die uitvoer na alle gebiede en meer in die besonder in dié na die E.E.G.-lande, uitgesonderd die Verenigde Koninkryk en die Bondsrepubliek Duitsland, ander Europese lande en die V.S.A.

Alhoewel die gemiddelde jaarlikse groeikoers van die invoere van goedere en dienste vanaf 1957 tot 1972 dieselfde was as dié van uitvoere, het die koers van toename in invoere gedurende die tydperk 1957 tot 1971 dié van invoere oorskry. In 1972 het invoere egter slegs met 0,7 persent toegeneem, wat aansien-

Tabel 2. Gemiddelde jaarlikse persentasiegroei in die uitvoer en invoer van goedere en dienste

	1957-1961	1962-1966	1967-1971	1972	1957-1972
UITVOERE NA:					
Europa	**0,3**	**4,6**	**5,3**	**47,2**	**6,1**
E.E.G.	0,3	4,9	4,6	45,2	5,8
Verenigde Koninkryk	1,6	3,2	6,0	34,4	5,5
Duitsland, Bondsrepubliek	−1,5	10,7	9,4	30,8	8,0
Ander E.E.G.-lande	−2,4	7,0	−1,1	89,7	5,6
Ander Europese lande	0,5	0,8	13,4	66,3	8,3
Amerika	**4,3**	**14,4**	**0,5**	**48,2**	**8,8**
V.S.A.	2,8	17,1	−3,1	53,4	8,2
Ander Amerikaanse lande	10,1	3,0	16,0	34,4	11,1
Asië	**10,8**	**6,7**	**21,9**	**37,4**	**14,6**
Japan	25,2	7,1	18,1	41,4	18,3
Ander Asiatiese lande	−6,2	5,9	30,0	31,1	11,4
Afrika	**—**	**6,2**	**6,8**	**7,8**	**4,8**
Oseanië	**8,5**	**−4,9**	**10,4**	**34,8**	**6,0**
Totaal	**1,2**	**6,2**	**6,8**	**34,4**	**6,7**
INVOERE VANAF:					
Europa	**−0,8**	**9,2**	**11,9**	**1,3**	**6,8**
E.E.G.	−0,9	9,0	11,7	1,2	6,6
Verenigde Koninkryk	−2,9	8,4	8,3	1,8	4,8
Duitsland, Bondsrepubliek	5,4	11,0	23,0	−15,4	11,2
Ander E.E.G.-lande	1,5	9,1	8,6	28,7	8,1
Ander Europese lande	—	11,2	13,4	2,1	8,2
Amerika	**−3,1**	**10,5**	**7,4**	**−0,6**	**5,0**
V.S.A.	−3,9	11,5	8,3	−1,6	5,3
Ander Amerikaanse lande	0,9	6,2	2,4	6,6	3,5
Asië	**−3,7**	**8,1**	**24,0**	**−4,9**	**8,7**
Japan	0,6	19,4	27,0	−7,2	14,5
Ander Asiatiese lande	−5,0	2,8	21,5	−2,9	6,0
Afrika	**2,3**	**8,2**	**6,0**	**8,7**	**5,9**
Oseanië	**22,8**	**20,7**	**7,8**	**1,1**	**15,3**
Totaal	**−1,0**	**9,5**	**11,7**	**0,7**	**6,7**

Grafiek 1

Persentasieverdeling van uitvoere van goedere en dienste volgens land of gebied

Goedere



Dienste



lik minder was as die toename van uitvoere ten spyte van die feit dat die pryse van ingevoerde goedere en dienste, ná die herskikking van wisselkoerse in Desember 1971, in terme van rand aansienlik gestyg het. Die stadige groeikoers van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid was hoofsaaklik vir hierdie afname in die groeikoers van invoere verantwoordelik.

Soos in die geval van uitvoere, het die gemiddelde jaarlikse groeikoerse in invoere van goedere en dienste ook aansienlik van gebied tot gebied verskil. Uitsonderlike groot toenames is vanaf 1957 tot 1972 in die invoere van Oseanië, Japan en die Bondsrepubliek Duitsland aangeteken, terwyl die jaarlikse koerse van toename in invoere vanaf die E.E.G.-lande, uitgesonderd die Verenigde Koninkryk, en ander Europese lande ook hoër was as die gemiddelde vir die totaal oor dieselfde tydperk. In die besonder het invoere vanaf die Verenigde Koninkryk en Amerikaanse lande uitgesonderd die V.S.A., vanaf 1957 tot 1972 teen baie lae gemiddelde jaarlikse koerse toegeneem. Dit is ook interessant om daarop te let dat die invoere vanaf die Bondsrepubliek Duitsland in 1972 met nie minder nie as 15,4 persent afgeneem het, terwyl dié vanaf die ander E.E.G.-lande uitgesonderd die Verenigde Koninkryk in dieselfde jaar aansienlik met 28,7 persent gestyg het.

Die struktuur van transaksies op die lopende rekening

Suid-Afrika se lopende internasionale transaksies word met 'n beperkte aantal lande aangegaan. Hierdie konsentrasie kan in die eerste plek toegeskryf word aan die stadium van ekonomiese ontwikkeling van die land en in die tweede plek aan sy geografiese ligging in Afrika. As 'n ontwikkelende volkshuishouding met groot minerale hulpbronne, voorsien Suid-Afrika hoofsaaklik grondstowwe aan die meer geïndustrialiseerde lande van die wêreld en voer intermediêre en kapitaalgoedere van hulle af in. Hierdie lande voorsien ook kapitaal, tegniese kennis, finansiële dienste en verskepingsfasiliteite, wat vir die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie noodsaaklik is. Daarbenewens is hulle ook aantreklike toeristesentrums vir Suid-Afrikaanse inwoners. Hierteenoor voorsien Suid-Afrika, as die mees ontwikkelde ekonomie in Afrika, vervaardigde goedere aan die lande in Suidelike Afrika terwyl hy ook werkgeleentheid verskaf aan 'n groot gedeelte van die oorskot arbeid wat in daardie lande beskikbaar is.

Soos in grafiek 1 getoon word, het goedere-uitvoere na die nege E.E.G.-lande, die V.S.A. en Japan bykans twee-derdes van Suid-Afrika se totale goedere-uitvoere gedurende die tydperk onder beskouing bedra. Indien die uitvoere na lande in Afrika by dié na die bogenoemde lande bygetel word, maak hierdie totaal bykans 90 persent van Suid-Afrika se goedere-uitvoere gedurende die betrokke tydperk uit. Belangrike veranderings het egter gedurende die afgelope sestien jaar in die relatiewe belangrikheid van die onderskeie gebiede as kopers van Suid-Afrikaanse goedere plaasgevind. Die Verenigde Koninkryk en die V.S.A. het aansienlik veld verloor, veral teenoor Japan en die ander E.E.G.-lande, wat toegeskryf kan word aan die relatief hoë groeikoerse wat in laasgenoemde gebiede ondervind is.

Ontvangste vir dienste vanaf die res van die wêreld is ook in hoë mate in individuele gebiede gekonsentreer. Gedurende die tydperk onder beskouing was Afrika-lande en die Verenigde Koninkryk vir tussen 70 en 80 persent van Suid-Afrika se totale ontvangste vir dienste vanaf die res van die wêreld verantwoordelik. Die groot persentasie-aandeel van Afrika-lande kan hoofsaaklik toegeskryf word aan dividende wat op beleggings ontvang is, besteding deur toeriste vanaf naburige lande, en plaaslike besteding deur trekarbeiders uit hul verdienstes in Suid-Afrika. Ontvangste vir dienste vanaf die Verenigde Koninkryk het hoofsaaklik uit voorrade aangekoop deur Britse skepe, ander hawe-uitgawes en versekering, uitgesonderd dié op goedere, bestaan. Gedurende die afgelope sestien jaar het die relatiewe aandeel van Afrika-lande in Suid-Afrika se ontvangste vir dienste skerp gedaal

Grafiek 2
Persentasieverdeling van betalings vir dienste volgens land of gebied



Tabel 3. Persentasieverdeling van goedere-invoere volgens land of gebied

	1957-1961	1962-1966	1967-1971	1972	1957-1972
Europa	**55,4**	**55,8**	**54,4**	**52,4**	**54,8**
E.E.G.	49,9	50,2	48,5	46,3	49,0
Verenigde Koninkryk	30,9	29,0	23,5	20,6	26,2
Duitsland, Bondsrepubliek	9,9	10,6	13,7	14,6	12,2
Ander E.E.G.-lande	9,1	10,6	11,3	11,1	10,6
Ander Europese lande	5,5	5,6	5,9	6,1	5,8
Amerika	**22,4**	**21,9**	**19,9**	**19,3**	**20,9**
V.S.A.	18,1	17,9	16,8	16,6	17,4
Ander Amerikaanse lande	4,3	4,0	3,1	2,7	3,5
Asië	**13,8**	**13,5**	**17,3**	**19,6**	**15,8**
Japan	3,2	5,0	8,2	9,5	6,5
Ander Asiatiese lande	10,6	8,5	9,1	10,1	9,3
Afrika	**7,3**	**7,0**	**6,0**	**6,0**	**6,5**
Oseanië	**1,1**	**1,8**	**2,4**	**2,7**	**2,0**
Totaal	**100,0**	**100,0**	**100,0**	**100,0**	**100,0**

terwyl dié van bykans al die ander gebiede dienooreenkomstige stygings getoon het, wat op 'n effens groter diversifikasie in die gebiedsverdeling van hierdie ontvangste dui.

Suid-Afrika se invoere van goedere en dienste word ook in 'n groot mate deur 'n beperkte aantal gebiede voorsien. Gedurende die afgelope sestien jaar is gemiddeld meer as 70 persent van die goedere-invoere deur die E.E.G.-lande, die V.S.A. en Japan verskaf. Die persentasie-aandeel van die Verenigde Koninkryk en die V.S.A. het egter voortdurend gedaal, terwyl dié van veral die Bondsrepubliek Duitsland, Japan en die ander E.E.G.-lande gestyg het. Die persentasie-aandeel van die Afrika-lande het, gedurende die tydperk onder beskouing, ook 'n dalende neiging getoon.

Op soortgelyke wyse is meer as 60 persent van die totale betalings vir dienste wat deur buitelanders gelewer is, aan die E.E.G.-lande en die V.S.A. gemaak. Hierdie betalings het hoofsaaklik bestaan uit rente- en dividendbetalings op kapitaal wat deur hierdie lande voorsien is, skeepsvrag op goedere-invoere, toeristebesteding en betalings vir versekeringsdienste. Indien betalings aan Afrika-lande, wat hoofsaaklik uit vergoeding van trekarbeiders bestaan, by die aandeel van bogenoemde lande getel word, was hierdie lande gesamentlik vir meer as 85 persent van betalings vir dienste aan nie-inwoners verantwoordelik. Dit is ook interessant om daarop te let dat die relatiewe belangrikheid van die Verenigde Koninkryk en Afrikalande gedurende die afgelope sestien jaar afgeneem het, terwyl die persentasie-aandeel van die ander E.E.G.-lande en die V.S.A. toegeneem het.

Netto oordragte

Suid-Afrika was 'n netto ontvanger van oordragte vanaf die res van die wêreld en dit het gedurende die afgelope sestien jaar gemiddeld 'n stygende neiging getoon. Soos in tabel 4 getoon word was netto oordragontvangste hoofsaaklik vanuit die Verenigde Koninkryk en die V.S.A. afkomstig, en wel in die vorm van fondse oorgeplaas deur immigrante, erflatings, buitelandse aandeelhouersbelasting en belastingontvangste op rente betaal aan buitelanders. Oordragbetalings aan Afrika-lande het oordragontvangste vanaf hierdie lande oorskry, hoofsaaklik vanweë die bedrag aan belasting betaal op dividend- en rente-ontvangste vanaf hierdie lande.

Tabel 4. Gemiddelde jaarlikse netto oordragte volgens land of gebied (ontvangste + of betalings –)
R miljoene

	1957–1961	1962–1966	1967–1971	1972	1957–1972
Verenigde Koninkryk	9	18	42	47	25
V.S.A.	5	5	10	12	7
Afrika	–7	–7	–8	–13	–8
Ander	—	3	9	16	5
Totaal	**7**	**19**	**53**	**62**	**29**

Netto kapitaalbewegings

Soos die meeste ander ontwikkelende lande, is Suid-Afrika oor die algemeen 'n netto invoerder van kapitaal vanaf die res van die wêreld. Gewoonlik is die fondse wat op die binnelandse kapitaalmark beskikbaar is onvoldoende, veral gedurende tydperke van vinnige ekonomiese groei. Verder bevorder valutabeheermaatreëls, wat volgens die beginsel van nie-diskriminasie tussen lande of gebiede toegepas word, in die geval van buitelandsbeheerde maatskappye ook buitelandse bo binnelandse finansiering. Vanweë die beperkte fondse wat op die binnelandse kapitaalmark beskikbaar is, word vooraf goedkeuring deur die valutabeheerowerhede vereis vir beleggings deur Suid-Afrikaanse inwoners in die buiteland. Afhangende van die vlak van die goud- en ander buitelandse reserwes, die doel van die belegging en die uitvoermoontlikhede wat daarmee gepaard gaan, kan die uitvoer van kapitaal gunstig deur hierdie owerhede oorweeg word. Gevolglik word aandele- en leningskapitaal en, in 'n mindere mate, korttermynkapitaal wat deur Suid-Afrikaanse ondernemings benodig word, gewoonlik vanaf die meer gesofistikeerde finansiële sentrums van Wes-Europa en die V.S.A. verkry. Die E.E.G.-lande in die besonder, het 'n rol van toenemende belangrikheid in die voorsiening van ontwikkelingskapitaal aan Suid-Afrika gespeel. Soos hierbo aangedui, kan daar in 'n bespreking van die netto geïdentifiseerde kapitaalbewegings van Suid-Afrika, breedweg twee tydperke onderskei word. Gedurende die tydperk 1957-1964

Tabel 5. Gemiddelde jaarlikse netto geïdentifiseerde kapitaalbewegings volgens gebied (invloeiing + of uitvloeiing –)
R miljoene

	1957–1964	1965-1972	1957–1972
Europa	–38	254	108
E.E.G.	–37	247	105
Ander Europa	–1	7	3
Amerika	–12	54	21
Asië	–2	15	6
Afrika	–9	3	–3
Oseanië	1	1	1
Nie toegedeel nie	—	2	1
Totaal	**–60**	**329**	**134**

is 'n gemiddelde jaarlikse netto kapitaaluitvloeiing ten bedrae van R60 miljoen aangeteken. In die besonder is 'n aansienlike uitvloeiing van kapitaal na die E.E.G.-lande in die vorm van langtermyn onregstreekse kapitaal, aangeteken grotendeels as gevolg van die verkoop van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is deur inwoners van daardie lande. Gedurende hierdie tydperk het daar egter gemiddeld 'n klein jaarlikse netto invloeiing van korttermynkapitaal vanaf die E.E.G.-lande voorgekom as gevolg van die stygende tendens van goedere-invoere vanaf hierdie lande. Soos in tabel 5 getoon word, het Suid-Afrika gedurende hierdie tydperk ook 'n netto uitvloeiing van kapitaal na Amerika ondervind as gevolg van 'n uitvloeiing van onregstreekse beleggingskapitaal. Die netto uitvloeiing van fondse na Afrika-lande is veroorsaak deur aandele-beleggings deur Suid-Afrikaanse inwoners in ondernemings in daardie lande.

Gedurende die tydperk 1965-1972 is 'n gemiddelde jaarlikse netto invloeiing van kapitaal ten bedrae van R329 miljoen aangeteken. Verskeie faktore het tot hierdie aansienlike invloeiing van fondse vanaf die buiteland bygedra, waaronder die toenemende vertroue in Suid-Afrika se ekonomiese en politieke stabiliteit. Die hoë opbrengste wat op beleggings in Suid-Afrika verkry kon word het gedurende die begin van hierdie tydperk 'n aansienlike invloeiing van veral regstreekse beleggingskapitaal teweeggebring. Verder is die binnelandse kapitaalmark tydens tydperke van vinnige ekonomiese groei nie in staat om in al die kapitaalbehoeftes van die land te voorsien nie sodat binnelandse fondse met buitelandse kapitaal aangevul moet word. Investering in die infrastruktuur van die land, wat by die land se behoeftes agtergeraak het, is in 'n aansienlike mate vanaf die buiteland gefinansier. Laastens het onsekerhede op internasionale monetêre gebied ook 'n taamlik groot invloeiing van buitelandse kapitaal veroorsaak.

Gemiddeld was ongeveer 75 persent van die netto invloeiing van kapitaal gedurende die tydperk 1965-1972 vanaf die E.E.G.-lande afkomstig, hoofsaaklik in die vorm van langtermyn onregstreekse belegging. Die groot invloeiing van kapitaal vanaf die E.E.G.-lande kan toegeskryf word aan die feit dat hierdie lande, vanweë die snelle ontwikkeling van die euro-dollar-mark aansienlike fondse beskikbaar gehad het. Vanaf ongeveer 1958 het die V.S.A. se betalingsbalanstekorte in 'n toenemende mate dollars in die hande van veral die inwoners van Europa geplaas. Alhoewel Suid-Afrika in vergelyking met die meer geïndustrialiseerde lande 'n klein lener in hierdie markte was, was die flotering van groot uitgiftes van euro-obligasies, onder andere deur openbare korporasies, 'n belangrike bron van buitelandse kapitaal vir die land. Gedurende die afgelope agt jaar was Amerika ook 'n belangrike netto uitvoerder van kapitaal na Suid-Afrika. Gemiddeld het Amerika, hoofsaaklik in die vorm van regstreekse belegging in die private sektor, in meer as 15 persent van die buitelandse kapitaalbehoeftes van die land voorsien.

Berekening van die veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand

Een van die gebruike van regionale betalingsbalansgegewens is om veranderings in die effektiewe wisselkoers van 'n geldeenheid te bepaal. Sedert die Tweede Wêreldoorlog is die wisselkoerse van die meeste geldeenhede in terme van 'n enkele waarde-eenheid of numeraire uitgedruk. Dit kan gedeeltelik aan die Internasionale Monetêre Fonds se Akte van Oprigting toegeskryf word, maar het ook voor die hand liggende gerieflikheidsvoordele. Vir analitiese doeleindes moet veranderings in die wisselkoers van 'n geldeenheid egter die veranderings in die verhouding tussen 'n betrokke geldeenheid en alle ander geldeenhede weerspieël. Hierna sal na veranderings in dié wisselkoers verwys word as veranderings in die effektiewe wisselkoers van 'n geldeenheid. In teenstelling dus met 'n verandering in die pariteit of vaste wisselkoers van 'n geldeenheid wat slegs veranderings in die waarde van die betrokke geldeenheid teenoor alle ander geldeenhede as gevolg van 'n verandering in sy eie waarde in terme van sy numeraire weerspieël, weerspieël veranderings in die effektiewe wisselkoers van 'n geldeenheid ook veranderings in die waardes van ander geldeenhede in terme van hulle numeraire.

Die effektiewe wisselkoers van 'n geldeenheid kan nie in absolute terme uitgedruk word nie en is slegs betekenisvol wanneer dit met die wisselkoers wat op 'n spesifieke tydstip of verwysingsdatum gegeld het, vergelyk word. Ten einde die veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand te bepaal is 31 Oktober 1967 as die verwysingsdatum gebruik, aangesien die eerste belangrike veranderings in wisselkoerse in November van daardie jaar voorgekom het, nadat relatief stabiele toestande op internasionale monetêre gebied gedurende die vyftigerjare en die eerste gedeelte van die sestigerjare geheers het. Met hierdie datum as verwysingsdatum is veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand bereken as die som van die geweegde veranderings in die wisselkoerse van die rand teenoor sekere uitgesoekte geldeenhede.

Die keuse van die gewigte wat by die berekening van die veranderings in die effektiewe wisselkoers van 'n geldeenheid gebruik word, is afhanklik van die doelstellings van die ontleding. Indien dit die doelstelling is om 'n land se mededingingsposisie in die internasionale handel te bepaal, kan regionale handelsyfers van vervaardigde goedere gebruik word. Waar die doelstelling is om die invloed van veranderings in wisselkoerse op die goud- en ander buitelandse reserwes van 'n land te bepaal, kan 'n verdeling van internasionale transaksies volgens die geldeenheid wat in die buitelandse valutatransaksies gebruik word, meer gepas wees.

In hierdie artikel val die klem op die invloed van veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand op die lopende rekening van Suid-Afrika se betalingsbalans. Vir hierdie doel is die regionale syfers van transaksies op die lopende rekening, met inagneming van sekere aansuiwerings, as gewigte gebruik. Hierdie syfers moes aangesuiwer word om die regionale patroon van goedere wat in 'n spesifieke geldeenheid op internasionale markte verhandel word, in ag te neem. Vir hierdie soort transaksies sal die wisselkoers wat 'n invloed op die betalingsbalans van Suid-Afrika het, dié tussen die rand en die geldeenheid wat op die internasionale mark gebruik word, wees, en nie die wisselkoers tussen die rand en die geldeenheid van die koper of verkoper van die goedere nie. Gevolglik is die indeling van transaksies op lopende rekening wat op die beginsel van reële vloeiinge gebaseer is, aangesuiwer om meer gewig te verleen aan die land wie se geldeenheid op die internasionale mark gebruik is, en 'n kleiner gewig aan die aankoop- of verkooplande. Volgens hierdie beginsel is goud wat op die private mark vir dollars verkoop is, in totaal aan die V.S.A. toegewys ten einde die gewig van die wisselkoers van die rand teenoor die dollar te bepaal. In die meeste ander gevalle is die indeling van transaksies op lopende rekening op basis van reële vloeiinge by die bepaling van die gewigte van die wisselkoerse van die rand teenoor die verskeie geldeenhede as toepaslik beskou. Selfs in die geval waar 'n transaksie tussen Suid-Afrika en 'n ander land gesluit word in die geldeenheid van 'n derde land, vervul die geldeenheid van die derde land slegs 'n intermediêre funksie en is die wisselkoers van die rand teenoor die geldeenheid van die kontrakterende land een van die bepalende faktore in die vasstelling van die prys.

Tabel 6. Gewigte gebruik in die berekening van veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand vir 1972

Geldeenheid	Gewig
Europese geldeenhede	**45,7**
E.E.G.-geldeenhede	41,1
Verenigde Koninkrykse pond	24,3
Wes-Duitse mark	8,0
Italiaanse lira	2,4
Franse frank	2,5
Belgiese frank	1,6
Nederlandse gulden	1,9
Ander E.E.G.-geldeenhede	0,4
Switserse frank	1,4
Sweedse kroon	0,8
Ander Europese geldeenhede	2,4
Amerikaanse geldeenhede	**27,3**
V.S.A.-dollar	25,6
Kanadese dollar	0,9
Ander Amerikaanse geldeenhede	0,8
Afrika-geldeenhede	**13,8**
Asiatiese geldeenhede	**11,7**
Japannese jen	5,9
Ander Asiatiese geldeenhede	5,8
Oseaniese geldeenhede	**1,5**
Totaal	**100,0**

By die berekening van die veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand gedurende 'n bepaalde jaar is regionale syfers vir daardie jaar by die vasstelling van die gewigte gebruik. Hierdie metode het die voordeel dat veranderings in die handelspatroon van Suid-Afrika by die bepaling van die effektiewe wisselkoers van die rand in berekening gebring word, en dat die mees toepaslike stel gewigte op 'n bepaalde tydstip gebruik word. Dit het ook duidelik uit die gegewens geblyk dat die persentasie-aandeel van die verskillende lande in Suid-Afrika se transaksies op lopende rekening nie van jaar tot jaar aansienlik skommel nie, en bykomende aansuiwerings om afwykings as gevolg van veranderings in die gewigte uit te skakel was dus nie nodig nie. Die gewigte wat volgens hierdie metode vir 1972 bereken is, word in tabel 6 getoon. Uit hierdie tabel blyk dat veranderings in die wisselkoerse van die rand teenoor die pond sterling en die V.S.A.-dollar 'n baie groot invloed op veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand het.

Om praktiese redes is die wisselkoerse van die rand teenoor slegs sekere uitgesoekte of gekose geldeenhede in die berekening van veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand gebruik. Die keuse is gebaseer op die persentasie-aandeel van elk van die gekose geldeenhede in Suid-Afrika se transaksies in goedere, dienste en oordragte met die res van die wêreld, en sluit vier-en-twintig geldeenhede van verskillende lande in. Die doel van hierdie artikel is om die veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand op bepaalde tydstippe te vergelyk met die verwysingsdatum. Gevolglik is middelkoerse soos op 'n bepaalde tydstip, in die berekenings gebruik. In 'n ontleding waar verskillende tydperke met mekaar vergelyk word, moet vanselfsprekend gemiddelde wisselkoerse vir die tydperke gebruik word.

Veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand

In die Reserwebank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* van 1973 is die veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand, die wisselkoersbeleid wat gedurende die afgelope vyf jaar deur Suid-Afrika gevolg is, en die invloed daarvan op die betalingsbalans en die ekonomie, in besonderhede bespreek. Gevolglik sal die bespreking in hierdie afdeling meer toegespits wees op veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand op 'n regionale basis en word daar slegs kortliks verwys na die redes vir en die invloed van veranderings in die wisselkoersbeleid van Suid-Afrika.

Soos in grafiek 3 getoon word, het die devaluasie van sterling in November 1967 'n appresiasie in die effektiewe wisselkoers van die rand van 5 persent bo sy peil soos op 31 Oktober 1967 veroorsaak. Alhoewel die Verenigde Koninkrykse pond met 14,3 persent in terme van goud gedevalueer is, het die wisselkoers van die rand teenoor die pond met meer as 16 persent bo die vlak van die verwysingsdatum gestyg. Die appresiasie van die rand teenoor die Wes-Europese geldeenhede uitgesonderd dié van die E.E.G.-lande het in daardie stadium byna 7 persent beloop en teenoor die geldeenhede van Asië uitgesonderd dié van Japan byna 6 persent bo die vlak aan die einde van Oktober 1967, aangesien sekere van hierdie geldeenhede, na die devaluasie-aankondiging deur die Verenigde Koninkryk, ook in verskillende mate gedevalueer is. Die effektiewe wisselkoers van die rand teenoor geldeenhede van Afrika-lande het op ongeveer dieselfde vlak gebly, as gevolg van die feit dat Suid-Afrika se belangrikste handelsvennote op hierdie vasteland nie die devaluasie van die Verenigde Koninkryk gevolg het nie.

Nieteenstaande pariteitsaanpassings deur verskeie lande gedurende die daaropvolgende drie jare, het die totale effektiewe wisselkoers van die rand tot die middel van 1971 ongeveer 5 persent bokant dié van die verwysingsdatum gebly. Op 'n regionale basis het die effektiewe wisselkoers van die rand egter effens teenoor die E.E.G.-geldeenhede, uitgesonderd dié van die Verenigde Koninkryk, en ander Wes-Europese en Asiatiese geldeenhede effens gedepresieer. Ná die aankondiging op 15 Augustus 1971 dat die V.S.A. nie langer bereid is om dollars in amptelike besit in goud- of ander reserwebates om te sit nie en die besluit van die vernaamste nywerheidslande om hulle geldeenhede te laat sweef, het die Suid-Afrikaanse owerhede besluit om vaste aankoop- en verkoopkoerse vir die rand in V.S.A.-dollars te kwoteer. Hierdie besluit het aanleiding gegee tot 'n depresiasie van die rand teenoor die geldeenhede van alle lande met uitsondering van Amerika en Oseanië, aangesien Australië en Nieu-Seeland in daardie stadium ook aan die V.S.A.-dollar gekoppel was. Vanaf Augustus 1971 tot net voor die herskikking van wisselkoerse in Desember 1971, het die rand dus effektief met omtrent 3 persent gedepresieer. Die herskikking van wisselkoerse in Desember 1971 en die devaluasie van die rand met 12,28 persent het 'n skerp depresiasie van ongeveer 8 persent in die effektiewe wisselkoers van die rand teenoor alle geldeenhede veroorsaak. Aan die einde van 1971 was die totale effektiewe wisselkoers van die rand gevolglik omtrent 6 persent benede sy vlak soos op 31 Oktober 1967, vergeleke met depresiasies van 18 persent teenoor die Japannese jen, 16 persent teenoor die E.E.G.-geldeenhede uitgesonderd dié van die Verenigde Koninkryk, 11 persent teenoor Oseanië, 9 persent teenoor ander Wes-Europese geldeenhede, 7 persent teenoor Afrika, 6 persent teenoor Amerika en 4 persent teenoor ander Asiatiese geldeenhede. In hierdie stadium was die effektiewe wisselkoers teenoor die Verenigde Koninkrykse pond die enigste een wat bo die vlak soos op 31 Oktober 1967 was, naamlik met 4 persent.

In Desember 1971 het die Suid-Afrikaanse owerhede besluit om aankoop- en verkoopkoerse van die rand in sterling in plaas van in V.S.A.-dollars te kwoteer. Hierdie besluit het veroorsaak dat die effektiewe wisselkoers van die rand in die daaropvolgende maande redelik stabiel gebly het en slegs effens teenoor Amerika en Oseanië geappresieer het. Volgehoue druk op sterling het die Verenigde Koninkryk daartoe gedwing om die pond vanaf 30 Junie te laat sweef en Suid-Afrika het besluit om die vaste wisselkoers van die rand teenoor sterling te handhaaf. Daarna het die

Tabel 7. Effektiewe depresiasie (—) of appresiasie (+) van die rand
(Verwysingsdatum 31 Oktober 1967)

	Verandering gedurende tydperk	Kumulatiewe verandering
Devaluasie van sterling op 18 Nov. 1967	5	5
18 Nov. 1967 tot Nixonverklaring op 15 Aug. 1971	—	5
Swewing met die dollar: 15 Aug. 1971 tot 15 Des. 1971	−3	2
Smithsonian Ooreenkoms: 15-21 Des. 1971	−8	−6
21 Des. 1971 tot net vóór swewing met sterling vanaf 30 Junie 1972	—	−6
Swewing met sterling: 30 Junie 1972 tot 24 Okt. 1972	−4	−10
Appresiasie van die rand op 25 Okt. 1972	3	−7
25 Okt. 1972 tot vóór devaluasie van die dollar op 12 Feb. 1973	—	−7
Devaluasie van die dollar op 12 Feb. 1973	6	−1
13 Feb. 1973 tot vóór die kwotering van hoër dollarkoerse op 5 Junie 1973	−3	−4
Kwotering van hoër dollarkoerse op 5 Junie 1973	5	1
Swewing met die dollar: 5 Junie 1973 tot 31 Julie 1973	−1	—

Grafiek 3

Effektiewe depresiasie (–) of appresiasie (+) van die rand (Kumulatief sedert 31 Oktober 1967)



rand skerp gedepresieer teenoor alle ander geldeenhede behalwe dié van die Verenigde Koninkryk en Afrika, naamlik met 4 persent vanaf die einde van Junie tot 24 Oktober 1972. 'n Nuwe pari-waarde is op 25 Oktober 1972 vir die rand vasgestel, wat 'n devaluasie van 4,2 persent in terme van goud verteenwoordig het. In vergelyking met markwisselkoerse het hierdie besluit in die praktyk 'n appresiasie in die effektiewe wisselkoers van die rand teenoor omtrent al die geldeenhede wat onderskei is, veroorsaak. Die appresiasie in die totale effektiewe wisselkoers het ongeveer 3 persent beloop. Teenoor Afrika-geldeenhede het die effektiewe wisselkoers van die rand egter met bykans 3 persent gedepresieer, omdat Rhodesië en Zambië tydens die tydperke van swewing met sterling 'n vaste wisselkoers met die rand gehandhaaf het.

Ná 25 Oktober 1972 het Suid-Afrika vaste aankoop- en verkoopkoerse vir die rand in dollar gekwoteer en het die rand effens teenoor die meeste geldeenhede gedepresieer, behalwe teenoor dié van Amerika, Afrika en Oseanië. In Desember 1972 is die Australiese dollar gerevalueer, wat 'n depresiasie van meer as 6 persent in die effektiewe wisselkoers van die rand teenoor Oseanië veroorsaak het. Die totale effektiewe wisselkoers het egter vanaf 25 Oktober 1972 tot aan die begin van Februarie 1973 onveranderd op dieselfde vlak gebly. Die besluit van die Suid-Afrikaanse owerhede om die pariwaarde van die rand te handhaaf toe die V.S.A. die dollar op 12 Februarie 1973 met 10 persent gedevalueer het, het 'n skerp appresiasie van die effektiewe wisselkoers van die rand teenoor alle geldeenhede behalwe teenoor dié van Oseanië veroorsaak, aangesien Australië en Nieu-Seeland dieselfde beleid as Suid-Afrika gevolg het. Die appresiasie in die totale effektiewe wisselkoers het ongeveer 6 persent beloop. Daarna het die rand weer saam met die dollar teenoor bykans al die geldeenhede van die ander gebiede gedepresieer, behalwe teenoor dié met wie 'n vaste wisselkoers gehandhaaf is. Hierdie depresiasie het vanaf 13 Februarie tot 4 Junie in totaal omtrent 3 persent beloop. Aangesien 'n verdere depresiasie van die rand in daardie stadium nie as wenslik beskou is nie, het die regering aangekondig dat die Reserwebank vanaf 5 Junie 1973 nuwe aankoop- en verkoopkoerse vir die V.S.A.-dollar sou kwoteer, wat 'n appresiasie van die rand van omtrent 5 persent verteenwoordig het. As gevolg van bewegings in markwisselkoerse het die rand egter slegs effens teenoor Afrika- en Europese geldeenhede, uitgesonderd dié van die Verenigde Koninkryk, geappresieer. Daarna het die rand weer saam met die dollar teenoor die Europese geldeenhede, uitgesonderd dié van die Verenigde Koninkryk, gedepresieer. Hierteenoor het die rand se effektiewe wisselkoers teenoor die pond sterling tot aan die einde van Julie met meer as 2 persent geappresieer, terwyl naastenby dieselfde koerse as dié wat na die aankondiging op 5 Junie teenoor ander geldeenhede gegeld het, gehandhaaf is.

Vanaf 5 Junie tot aan die einde van Julie het die rand effektief met 1 persent gedepresieer om weer ongeveer die vlak van 31 Oktober 1967 te bereik. Die veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand vanaf 31 Oktober 1967 tot aan die einde van Julie 1973 word in tabel 7 aangedui. Gedurende Augustus en aan die begin van September het die rand weer effektief tot omtrent 1 persent bokant die vlak van die verwysingsdatum geappresieer.

Op 'n regionale basis het die rand sedert 31 Oktober 1967 in meerdere of mindere mate geappresieer of gedepresieer. Die effektiewe wisselkoers van die rand teenoor die pond sterling het tot 'n vlak van nie minder nie as 19 persent bo dié op 31 Oktober 1967 geappresieer, teenoor die geldeenhede van Asië uitgesonderd dié van Japan tot ongeveer 11 persent, en teenoor al die geldeenhede van Amerika tot omtrent 8 persent bokant die vlak van die verwysingsdatum. Aan die ander kant het die effektiewe wisselkoers van die rand teenoor die geldeenhede van al die ander gebiede wat onderskei is gedepresieer. Die grootste depresiasie, tot 'n vlak van naastenby 27 persent onder dié van 31 Oktober 1967, het teenoor die geldeenhede van die E.E.G.-lande uitgesonderd dié van die Verenigde Koninkryk voorgekom. Teenoor die Japannese jen het die rand gedepresieer tot 'n vlak van ongeveer 22 persent onder dié wat op die verwysingsdatum gegeld het, vergeleke met 19 persent vir die ander Wes-Europese geldeenhede, 14 persent vir Oseanië en 8 persent vir Afrika.

Gevolgtrekking

Uit die regionale indeling van Suid-Afrika se betalingsbalanssyfers blyk dit duidelik dat 'n baie groot gedeelte van Suid-Afrika se buitelandse transaksies met 'n beperkte aantal lande aangegaan word. Hierdie hoë mate van konsentrasie kan grotendeels toegeskryf word aan die stadium van ontwikkeling van Suid-Afrika, sy ryk minerale hulpbronne, en die geografiese ligging van die land. In die besonder speel die E.E.G.-lande, die V.S.A. en Afrika-lande 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse betalingsbalans. Soos verwag kan word het lande met relatief vinnige groeikoerse, soos die Bondsrepubliek Duitsland en Japan, hulle relatiewe aandeel in die buitelandse transaksies van Suid-Afrika vergroot. Daarteenoor het die persentasie-aandeel van die V.S.A., die Verenigde Koninkryk, en Afrika-lande gedurende die afgelope sestien jaar geneig om te daal. Vanaf 1965 is die meeste van die buitelandse kapitaal wat vir die ontwikkeling van die volkshuishouding verkry is, deur die E.E.G.-lande verskaf, hoofsaaklik as gevolg van die vinnige ontwikkeling van die euromark.

Die regionale indeling van Suid-Afrika se buitelandse transaksies toon dat hierdie transaksies, soos die res van die volkshuishouding, dualisties van aard is. Terwyl Suid-Afrika 'n netto invoerder van goedere en dienste van die nywerheidslande is, is dit 'n netto uitvoerder na die ontwikkelende volkshuishoudings op die vasteland van Afrika. Insgelyks word die kapitaal wat vir die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding benodig word meestal op die ontwikkelde geld- en kapitaalmarkte van die V.S.A. en Europa verkry, terwyl Suid-Afrika grotendeels 'n netto uitvoerder van kapitaal na Afrika-lande is.

Uit die berekening van veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand is dit duidelik dat alhoewel die totale effektiewe wisselkoers van die rand aan die einde van Julie 1973 weer eens die vlak van 31 Oktober 1967 bereik het, uiteenlopende veranderings in die effektiewe wisselkoers van die rand teenoor die geldeenhede van die verskillende gebiede voorgekom het. Die aanpassings van wisselkoerse gedurende die afgelope vyf jaar het 'n aansienlike appresiasie in die effektiewe wisselkoers van die rand teenoor die Verenigde Koninkrykse pond, die geldeenhede van Asië uitgesonderd dié van Japan, en Amerikaanse geldeenhede veroorsaak. Aan die ander kant het die rand in 'n mindere of meerdere mate teenoor die geldeenhede van die ander gebiede gedepresieer. In die besonder was die omvang van hierdie depresiasie teenoor die Japannese jen en die Wes-Europese geldeenhede uitgesonderd dié van die Verenigde Koninkryk, aansienlik.

Opmerkings oor tabelle

Tabelle S-42 en S-43: Aandeelprysindekse en opbrengskoerse

Aandeelprysindekse en opbrengskoerse word gewoonlik bereken met die doel om die verandering gedurende 'n sekere tydperk in die gemiddelde prys of opbrengskoers van 'n bepaalde groep aandele relatief tot die vlak in 'n voorafgaande tydperk te meet. Die Reserwebank bereken maandelikse prysindekse en dividendopbrengskoerse vir verskillende groepe gewone aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, asook verdienste-opbrengskoerse vir sekere kombinasies van hierdie aandeelgroepe. Hierdie berekeninge is op 'n steekproef van ongeveer 400 gewone aandele gebaseer en die meeste van die betrokke inligting word deur die Johannesburgse Effektebeurs voorsien. Verder word 'n aandeelomsetindeks ook bereken, maar hierdie opmerkings sal slegs verwys na die metodes wat gebruik word by die berekening van aandeelprysindekse, dividendopbrengskoerse en verdienste-opbrengskoerse.

1. Samestelling en dekking van die steekproef

Op 31 Desember 1972 het die steekproef van die Reserwebank 412 genoteerde gewone aandele uitgereik deur Suid-Afrikaanse en buitelandse maatskappye ingesluit. Op daardie stadium het die steekproef in terme van die markwaarde van alle genoteerde gewone aandele 'n dekking van meer as 96 persent verskaf. Die steekproef word deurlopend aangepas deur die insluiting van sommige van die nuwe maatskappye wat op die effektebeurs genoteer word of die weglating van maatskappye wat nie meer op die effektebeurs genoteer word nie, om sodoende 'n voldoende mate van dekking in die verskillende klasse van aandele te handhaaf. Aan die einde van elke jaar word die dekking van die steekproef vir die verskillende groepe aandele nagegaan om te verseker dat 'n verteenwoordigende steekproef gehandhaaf word.

2. Metode van berekening

(a) Aandeelprysindekse

By die berekening van die prysindekse word die aandele in die steekproef eers in verskillende subklasse gegroepeer en daarna in drie hoofklasse, naamlik mynbou-, finansiële, en nywerheids- en handelsaandele, gekombineer. Die gemiddelde maandelikse prys van elke aandeel in elke sub-klas van die steekproef word in die berekening van die prysindekse gebruik en dit word verkry as die kwosiënt van die totale waarde van transaksies in daardie aandeel en die totale hoeveelheid aandele wat gedurende die maand verhandel is. Die aandeelpryse weerspieël dus gemiddelde transaksiepryse gedurende 'n maand. Vir elkeen van die verskillende sub-klasse aandele word die gemiddelde pryse geweeg met die aantal genoteerde aandele en die huidige markwaarde wat aldus verkry word, word uitgedruk as 'n persentasie van die vergelykbare markwaarde in die basisperiode om sodoende 'n prysindeks vir elkeen van die betrokke aandeelklasse af te lei. Veranderings in maarkwaardes behoort by die berekening van prysindekse slegs na

Samestelling en dekking van die steekproef soos op 31 Desember 1972

Klasse van gewone aandele	Aantal maatskappye	Markwaarde van aandele in steekproef R'000	Totale markwaarde van verskillende klasse R'000	Persentasie dekking van steekproef %
Mynbou				
Steenkool	16	151 391	162 807	93,0
Goud	38	2 842 318	2 871 822	99,0
Ander metale en minerale	18	6 279 375	6 299 686	99,7
Totaal	**72**	**9 273 084**	**9 334 315**	**99,3**
Finansieel				
Mynbou	19	4 687 389	4 824 509	97,2
Nywerheid en algemeen	42	1 869 586	1 952 642	95,8
Banke en versekeraars	18	1 609 064	1 677 113	95,9
Vaste eiendom	21	530 124	594 610	89,2
Totaal	**100**	**8 696 163**	**9 048 874**	**96,1**
Nywerheid en Handel				
Nywerheid	175	3 733 480	4 054 772	92,1
Handel	65	903 886	979 419	92,3
Totaal	**240**	**4 637 366**	**5 034 191**	**92,1**
Alle klasse aandele	**412**	**22 606 613**	**23 417 380**	**96,5**

prysveranderings te verwys en die invloed van veranderings in die gewigte behoort uitgeskakel te word ten einde 'n suiwer prysvergelyking te verkry. Dit word gedoen deur die markwaarde van die basisperiode aan te pas vir veranderings in gewigte wat ontstaan deur die insluiting van nuwe aandele in die indeks, die weglating van bestaande aandele uit die indeks en 'n verandering in die aantal aandele genoteer. Die indekse van die verskillende klasse aandele word dan met die hulp van die toepaslike gewigte in drie hoofklasse, naamlik mynbou-, finansiële en nywerheids- en handelsaandele gekombineer. Die drie hoofklasse word ook verder gekombineer om 'n algemene aandeelprysindeks vir alle klasse aandele op die effektebeurs te verkry wat gebruik kan word as 'n algehele aanwyser van prysveranderings op die effektebeurs.

(b) Dividendopbrengskoerse

By die berekening van die maandelikse dividendopbrengskoers word die dividende gebruik wat gedurende die voorafgaande twaalf maande, insluitende die maand onder beskouing, verklaar is. Die totale dividende verklaar gedurende so 'n tydperk van twaalf maande, word uitgedruk as 'n persentasie van die gemiddelde maandelikse prys van die betrokke aandeel en individuele verhoudings word ook geweeg deur die aantal aandele genoteer ten einde 'n geweegde opbrengskoers vir elkeen van die onderskeie aandeelklasse te verkry. Opbrengskoerse van die verskillende groepe word dan met behulp van die toepaslike gewigte gekombineer om gemiddelde opbrengskoerse vir die drie hoofklasse aandele, asook 'n algemene dividendopbrengskoers vir alle klasse aandele net soos by prysindekse, te verkry. Hierbenewens word daar ook 'n algemene opbrengskoers vir alle nie-mynbou-aandele bereken.

(c) Verdienste-opbrengskoerse

By die berekening van die verdienste-opbrengskoerse word dieselfde metode as in die geval van dividendopbrengskoerse gevolg, behalwe dat die totale verdienste gedurende die voorafgaande twaalf maande die dividende verklaar, vervang. Totale verdienste sluit natuurlik ook onuitgekeerde winste vir die betrokke tydperk in en word aangepas om toevallige winste wat nie uit die normale verloop van die betrokke maatskappy se besigheid ontstaan het nie, uit te sluit.

Tabelle S-47, S-51 en S-52

Sedert Desember 1971 is gegewens oor die Sentrale Regering se buitelandse skuld, wat in Tabelle S-47, S-51 en S-52 gepubliseer word, aangesuiwer om die verandering aan te dui in die Regering se verpligtings wat uit wisselkoersaanpassings ontstaan. Die verpligtings in buitelandse betaalmiddele uit hoofde van buitelandse skuld is na die plaaslike geldeenheid omgereken deur toepassing van die pariteitskoerse of van middelkoerse in gevalle waar geen pariteitskoerse vasgestel is nie. Sedert 5 Junie het die Reserwebank egter nuwe koop- en verkoopkoerse vir die rand in terme van Verenigde State dollars gekwoteer, wat in effek 'n appresiasie van die rand teenoor die dollar en teenoor ander geldeenhede beteken het. Die goudpariteit van die rand is nie verander nie sodat die bestaande pariteitskoerse nie langer van krag was nie. Die bogenoemde metode vir die aansuiwering van die buitelandse skuld het derhalwe heelwat van sy geldigheid verloor. Ten einde die Regering se werklike verpligting uit hoofde van hierdie lenings op 'n meer realistiese en vergelykbare basis aan te dui, weerspieël die reekse na Desember 1971 wat in hierdie *Kwartaalblad* gepubliseer word die randwaarde van die buitelandse skuld soos wat dit deur die toepassing van werklike markwisselkoerse aan die einde van die betrokke maand op elke individuele lening bereken is. Lenings wat in die sogenaamde ,,European Currency Units" of ,,European Units of Account" uitgedruk is, is omgereken na die mees waarskynlike verwysingsvaluta-eenheid op die datum van uiteindelike aflossings.

By die berekening van die looptydsintervalle van bemarkbare buitelandse lenings (Tabel S-52) is die laatste moontlike aflosdatum gebruik in gevalle waar lenings 'n opsionele aflosdatum het.